# Onderwysersgids

# Die lewe volgens Wim Vermaak

**William Oosthuizen**

**Human & Rousseau, 2020**



Hierdie gids is as hulpmiddel vir die onderwyser in die klaskamer bedoel. Dit is geskryf met **graad 9 Huistaal as hooffokus** en volgens die riglyne van die KABV uiteengesit. Dit sou egter ook bruikbaar wees as 'n gids vir graad 10 Eerste Addisionele Taal-leerders. Eerste Addisionele Taal-onderwysers sal sekere aanpassings moet maak ten opsigte van moeilike taalgebruik van vrae asook insigvrae moet vergemaklik.

Hierdie gids is saamgestel deur **Sanet de Beer**.

LET WEL: Hierdie gids is vir gebruik saam met die eerste, gewone uitgawe van die roman *Die lewe volgens Wim Vermaak* (Human & Rousseau 2020). Enige bladsynommers waarna verwys word, sal met hierdie uitgawe ooreenstem.

# Inhoud


1. **INLEIDING:** Die KABV en letterkunde-onderrig en die proses van ontleding vir hierdie jeugroman 5

**2. PRE-LEES**

**2.1 Oor die skrywer** 6
**2.2 Opsomming van die roman** 8

**3. LEES**

**3.1 Literêre kenmerke van 'n roman** 9
**3.2 Lees van die roman** 12

**4. POST-LEES**

**4.1 Opsomming van elke hoofstuk, vrae en antwoorde** 13

Hoofstuk 1: Ouma Hantie kry haar intrek 13
Hoofstuk 2: Harold kom huis toe 14
Hoofstuk 3: Advokaat Vermaak vang die kalklig 17
Hoofstuk 4: 'n Klein enetjie 19
Hoofstuk 5: Wim se groot skrik 20
Hoofstuk 6: Wim kry (soort van) 'n grip 21
Hoofstuk 7: Wim maak 'n deal 24
Hoofstuk 8: 'n Fliek, 'n vlegsel en 'n internetslenter 25
Hoofstuk 9: Ouma Hantie maak 'n belegging 27
Hoofstuk 10: Moerasmonsters van Mars 28
Hoofstuk 11: Foxy, Mister Davis en dokter Spock 29
Hoofstuk 12: 'n Botsing van belange 30
Hoofstuk 13: Die beste regsgeleerde in die Kaap 32
Hoofstuk 14: 'n Nuwe deal 33
Hoofstuk 15: 'n Ruimteskip stort neer op Mars 34
Hoofstuk 16: Protesmusiek 35
Hoofstuk 17: Tugverhore en 'n junior advokaatjie 36
Hoofstuk 18: Die meisie van Amsterdam 37
Hoofstuk 19: Monstervelle en ekstras 39
Hoofstuk 20: 'n Beter deal 40
Hoofstuk 21: Tugkomitees en subpoenas 42
Hoofstuk 22: Koffie met Yusuf 43

Hoofstuk 23: Harold slaan ’n gap 45
Hoofstuk 24: Yusuf word uitgevee 47
Hoofstuk 25: Harold maak ’n comeback 48
Hoofstuk 26: Pieter vat ’n knock 51
Hoofstuk 27: Wim vat ’n kans 53

**4.2 Die ontleding van *Die lewe volgens Wim Vermaak* as literêre teks** 55
**4.2.1 Titel en omslag** 55
**4.2.2 Tema** 56
**4.2.3 Boodskap** 57
**4.2.4 Intrige** 58
(a) Karakterbeelding 58
(b) Milieu 63
(c) Verteller 68
**4.2.5 Bou van die drama** 69
(a) Eksposisie 70
(b) Motoriese moment 70
(c) Ontwikkeling 71
(d) Krisis 71
(e) Klimaks 72
(f) Ontknoping 73
**4.2.6 Motiewe en simboliek** 74
**4.2.7 Die slot** 75

**5. VRAE VIR BESPREKING** 77

**5.1 Langer vrae vir bespreking** 77
**5.2 Kontekstuele toestvrae** 79

**6. BRONVERWYSINGS** 85

# 1. INLEIDING

## Die KABV en letterkunde-onderrig en die proses van ontleding vir hierdie jeugroman

Volgens die Kurrikulum- en Assesseringsverklaring (KABV) vir Afrikaans Huistaal-onderrig is dit belangrik dat literêre kenmerke van die roman bestudeer moet word tydens die formele letterkunde-onderrig. Daarbenewens is dit van kardinale belang dat die leerders moet verstaan watter impak hierdie kenmerke het op die boodskap wat die skrywer wil oordra.

Gedurende die lees van hierdie jeugroman word die **prosesbenadering** gevolg en op **pre-lees** (stel die leerder aan die skrywer en tekskenmerke bekend), **lees** (stel die leerder in staat om die teks te verstaan en dan die literêre kenmerke deel van die teks te maak) en **post-lees** (stel die leerder in staat om die teks as geheel te beskou en daarop te reageer deur vrae te beantwoord en om sy/haar eie mening te gee nadat ’n eie afleiding gemaak is) gefokus.

Heel eerste moet die **teksgebaseerde benadering** gevolg word sodat die leerder die literêre kenmerke sy/haar eie kan maak. Dit sluit die luister, praat, kyk na, lees en ontleding van tekste in om te verstaan hoe dit saamgestel is en watter effek dit op die leser het. Deur hierdie kritiese interaksie ontwikkel die leerder die vermoë om tekste in sy geheel te evalueer – interpretasie, kreatiewe en persoonlike belewing, en die ondersoek daarvan. Die leerder moet uiteindelik sy eie interpretasie en idee oor die literêre teks kan maak.

’n **Kommunikatiewe benadering** kan daarna gevolg word wat die leerder aan ’n ryk teikentaal bekendstel. Hier moet die leerder vele geleenthede gebied word om taal te gebruik en te skryf. Kreatiewe skryfaktiwiteite (gerig op die deeglike begrip van die voorgeskrewe literêre werk) bevorder die lees-, skryf- en taalgebruikvaardighede.

# 2. PRE-LEES

## 2.1 Oor die skrywer



Die skrywer van *Die lewe volgens Wim Vermaak* is William Oosthuizen. In die roman self (p. 169) word daar biografiese inligting oor William Oosthuizen en sy skryfkuns gegee.

William Oosthuizen praktiseer as prokureur in Kaapstad waar hy ook woon. Hy het ’n dogter en ’n seun wat albei al volwasse is.

William sê hy kry sy storie-idees van mense omdat hy altyd op die uitkyk is vir idees wat mens anders na die lewe laat kyk. Hy bekyk gedurig die koerant en luister na mense se gesprekke en ook gesprekke oor die radio.

Hy geniet dit om vir kinders te skryf. Die skryf van hierdie jeugroman het natuurlik gekom en dit was asof hy aan sy eie jeugjare terugdink en al die dinge wat toe saak gemaak het. Hy glo die feit dat hy met die skryf van hierdie jeugroman tieners in sy huis gehad het, het ook die proses vergemaklik omdat hy tienerkrisisse eerstehands beleef het. Volgens Oosthuizen moet ’n mens baie eerlik wees wanneer jy vir tieners

en kinders skryf – jy mag nie hierdie lesers onderskat nie, want hulle gaan jou uitvang. Storiegebeurtenisse moet daarom realisties en geloofwaardig wees. Die karakters moet met realistiese gebeurtenisse worstel. Oosthuizen vertel die storie ontkiem in sy kop en daarna begin die karakters die lig sien. So kom hy tot die besef dat hy ’n kortverhaal of roman gaan skryf.

Oosthuizen lees graag vir ontspanning en sommer ’n paar boeke tegelyk.

Hy debuteer met die roman *Die dame met die hondjie* in 2019 wat deur Naledi uitgegee is. Hy het al ’n aantal kortverhale gepubliseer en was onder andere die naaswenner van die SA Writer’s College se kortverhaalwedstryd in 2010 en ook ’n finalis in 2011 van die PEN/Studzinki literêre toekennings (J.M. Coetzee was ’n beoordelaar). Een van sy kortverhale – “Board and Lodging” – word in 2014 tot ’n kortfilm verwerk. Hy het ook verskeie reisverhale vir die tydskrif *Weg!/Go!* Geskryf en ook van sy foto’s is in hierdie tydskrif geplaas. In 2012 word sy radiodrama *Ons gaan huis toe* as die wenner in die RSG/Sanlam radiodrama-skryfkompetisie aangewys.

Volgens Oosthuizen is Robert Louis Stevenson se *Treasure Island* die beste kinderboek ooit. Dit, en ook *Willem Poprok* van Derick van der Walt, het hom aangespoor om hierdie jeugroman te skryf. Hy het hierdie jeugroman oor ’n tydperk van drie jaar geskryf (natuurlik met verskeie herskrywes).

Oosthuizen onthou as kind van ’n mensgeraamte wat een nag in hulle spaarkamer was. Dit het hom laat dink dat ’n storie met ’n geraamte in ’n sleutelrol (egter nie ’n spookstorie nie) nogal interessant sal wees. Toe vind die Mars-episode plaas en nog ’n gedeelte van sy beplande jeugroman val in plek. Die karakters het daarna vanself gekom.

## 2.2 Opsomming van die roman

Wim Vermaak se gesin se lewe word beskryf. Hy voel asof hulle lewe onderstebo is. Hy moet 'n LO-taak afhandel om graad nege te slaag. Sy aandag word in die LO-klas afgelei deur die aantreklike nuwe meisie met die vlegsel wat hom glad nie raaksien nie. Wim se ouma trek by hulle in en Wim word aangesê om 'n oog te hou oor haar. Dit is 'n moeilike taak omdat sy ouma onder andere 'n internetslenter glo en baie geld verloor. Verder moet hy in die stoepkamer intrek omdat Ouma in sy kamer moet bly. Maddie, sy tweelingsuster, maak planne om deel van die Mars One-sending te word. Wanneer sy dan nog van die dak afval nadat sy sterre wou kyk en haar enkel breek, word sy ook deel van Wim se oppaspakkie. Harold, sy ma (Sonja) se menslike geraamte, bring haar kunsstudente in opstand en sy word daarvan beskuldig dat sy hulle menseregte geskend het. Wim se pa (Dolf) is as hoof van die menseregte-kommissie aangestel en dit veroorsaak 'n botsing van belange wat tot 'n groot rusie in die huis lei. Wim se LO-taak dra uiteindelik by om weer vrede in die huis te bring en help almal om te besef dat mens in voeling met jou geliefdes moet wees en hulle moet ondersteun waar jy kan.

Die sterkste kenmerk van *Die lewe volgens Wim Vermaak* is om te sien hoe die stukke van die hoofkarakter, Wim, se lewe stadig maar seker bymekaar kom, ten spyte van al die struikelblokke wat oor sy pad gekom het. Sommige van hierdie struikelblokke is deur sy eie toedoen daargestel omdat hy so 'n dromerige lewensuitkyk het. Wim het 'n goed-ontwikkelde verantwoordelikheidsin, ten spyte van sy dromerige uitkyk oor die lewe; hy besef net nie altyd dat die werklikheid baie fasette het nie.

# 3. LEES

## 3.1 Literêre kenmerke van ’n roman

Dit is belangrik om die belangriktse literêre kenmerke aan leerders voor te hou (heel moontlik net hersiening met enkele kenmerke wat nuut voorgehou word) sodat hulle, wanneer die roman voorgelees word, dit kan geniet, maar ook die literêre kenmerke kan uitken om uiteindelik die roman ten volle hul eie te kan maak.

* Die PowerPoint-aanbieding gee al die literêre kenmerke en verduidelikings. (Kry die volledige uiteensetting op p. 44)

**1. TITEL**

- Die naam van die roman
- Bevat die kern van die teks
- Werp lig op die inhoud

**2. TEMA**

- Onderliggende “onderwerp”
- NIE ’n kort samevatting van die storie nie
- Universeel
- Nie tyd-, ruimte- of karaktergebonde nie
- Spreek tot alle mense (enige plek in die wêreld)

**3. BOODSKAP**

- Die onbewuste invloed wat daar van ’n goeie verhaal uitgaan
- Hang saam met kernidee (deel van die verhaal)

- Die lewenswaarheid of -insigte wat uit verhaal voortspruit
- M.a.w. die les wat leser uit verhaal leer

**4. INTRIGE**

- Die patroon waarvolgens gebeure in verhaal aaneengeskakel word
- M.a.w. hoe gebeure een na die ander plaasvind (ook ervarings en emosies van karakters kompliseer)
- Intrige word draer van sentrale insig – TEMA

**4.1 Karakterbeelding**

- Uiterlike en innerlike beskrywing van karakters
- Ronde en plat karakters

**4.2 Milieu**

- Tyd: tydperk waarin verhaal afspeel (chronologiese opeenvolgende - of achronologiese tydsverloop)
- Ruimte: plek en omstandighede waar verhaal afspeel

**4.3 Verteller**

- Derdepersoonsverteller
- Alomteenwoordige verteller
- Eerstepersoonsverteller

**5. DIE BOU VAN DIE ROMAN**

’n Duidelike struktuur in die roman maak dit vir die leser sinvol en moontlik om die storielyn en die boodskap te verstaan.

**5.1 Eksposisie –** Die leser maak kennis met die noodsaaklike besonderhede van die karakters, omstandighede, plek, ens.

**5.2 Motoriese moment –** Die handeling van die roman word aan die gang gesit en veroorsaak verdere gebeure.

**5.3 Ontwikkeling –** Verskeie gebeure vind plaas en botsing is onafwendbaar.

**5.4 Krisis –** Vanweë teenstrydige opvattings volg uiterlike of innerlike botsings. Dit laat die spanning in die roman verhoog.

**5.5 Klimaks (hoogtepunt) –** Die botsing en gevolglike spanning bereik breekpunt (die karakters gaan keuses moet maak sodat daar ’n oplossing kan kom).

**5.6 Ontknoping (afloop) –** Wending na die een of ander kant toe en ’n duidelike afname van die spanning word bereik (konflik word ontlont). Oorwinning word behaal.

**6. MOTIEWE**

- Motiewe – iets wat herhaaldelik in die loop van die teks na vore kom; help om verhaal saam te bind tot eenheid
- Simbole – konkrete voorwerpe wat abstrakte idee/begrip duidelik maak

**7. SLOT**

- Gelukkige slot – held en geliefde word ver- of herenig (rooskleurige toekoms word voorspel; kwaaddoeners is uit die weg geruim)

- Ongelukkige einde – leser besef so dat lewe nie altyd net mooi is nie (oorwinning en nederlaag is deel van mens se lewenspad)
- Oop einde – leser kan self besluit wat die uiteinde van die verhaal is

## 3.2 Lees van die roman

Dit is belangrik dat die roman gelees word met so min as moontlik onderbrekings. Die genot van die roman is baie belangrik.

# 4. POST-LEES

## 4.1. Opsomming van elke hoofstuk, vrae en antwoorde

### Hoofstuk 1: Ouma Hantie kry haar intrek (p. 1)

**Opsomming:**

Wim en Maddie (Wim se tweelingsuster) se ma, Sonja Vermaak, kondig aan dat hulle ouma, ouma Hantie, by hulle kom bly totdat daar vir haar plek in die aftreeoord is. Wim en Maddie is nie baie opgewonde oor hierdie reëling nie, maar beide besef dat niks wat hulle sê hulle ma van plan gaan laat verander nie.

Ouma Hantie daag die volgende dag op met drie groot tasse en ’n geheimsinnige ronde boks (“… waaraan sy vasklou asof al haar spaargeld daarin is.” – p. 3).

Die familie sukkel om gewoond te raak aan Ouma en haar gewoontes – sy het ’n sterk verbeelding en beskuldig die posman dat hy ’n spioen is. So verdwyn sy ook ’n dag en hulle vind haar later in die parkie naby hulle huis.

Wim word gehuur om Ouma op te pas – as dit nie vir die geld was wat sy pa (Dolf Vermaak) hom aangebied het nie, het hy dit nie gedoen nie.

**Vrae en voorgestelde antwoorde:**

| | |
|---|---|
| 1.1 | Wim het, by die aanhoor dat ouma Hantie by hulle gaan kom woon, ’n gevoel gehad dat hy aan die kortste ent gaan trek. Was sy gevoel reg? Motiveer. |

*Ja. Ouma Hantie sou in sy kamer intrek terwyl sy by hulle woon. Hy moet in die stoepkamer bly.*

| | |
|---|---|
| 1.2 | Wim is nie lus vir al die probleme rondom ouma Hantie se verblyf by hulle nie, omdat hy reeds probleme van sy eie het. Watter twee dinge is vir hom problematies? |

*Hy moet ’n LO-taak afhandel (tel die helfte van sy jaarpunt) waarmee hy nog nie begin het nie en indien hy dit nie slaag nie, druip hy sy graad nege-jaar.*

*En hy voel dat hy ". . . onsigbaar is (p. 1)" en dat daar iemand is wat hom glad nie raaksien nie.*

1.3 Wat is die rede dat ouma Hantie by hulle kom bly?

*Oupa Henk is dood. Sy is 75 jaar oud en kan nie meer alleen bly nie.*

1.4 Wim se pa betaal vir Wim R100 per week om 'n ogie oor ouma Hantie te hou.
1.4.1 Watter plan kry hy dadelik in plek?

*Hy sit haar selfoon in 'n sakkie wat sy permanent om haar nek moet dra.*

1.4.2 Watter ander plan bedink hy nog?

*Hy gaan vir haar 'n hondeplaatjie met haar naam daarop maak wat sy om haar pols moet dra.*

1.5 Wat, uit hierdie hoofstuk, wys vir ons dat beide ouma Hantie én Wim verbeeldingryk is en wat dus vooruit wys dat hulle planmakery van belang gaan wees in hierdie roman?

*Ouma Hantie het 'n sterk verbeelding en vermoed dat die posman 'n spioen is; sy glo daar is agente wat hulle afluister wanneer die televisie afgeskakel is.*
*Wim ontvang geld van sy pa om na ouma Hantie om te sien. Sy een plan is om vir haar 'n naamplaatjie te kry waarop haar naam en hulle kontakbesonderhede is (so kan mense hulle kontak indien Ouma weer wegraak). Hy besef egter dit gaan geld kos en moet 'n plan beraam om by sy ma die geld te kry – "... hy kan nie nog dié storie ook sponsor nie (p. 6)".*

## Hoofstuk 2: Harold kom huis toe (p. 7)

### Opsomming:

Wim gaan na Maddie se kamer toe. Sy wil dadelik weet wat hy daar soek en hy antwoord dat hy 'n bietjie van ouma Hantie wil wegkom ("Sy agtervolg my behoorlik, soort van asof sy bang is ek verloor haar" – p. 7).

Wim sien 'n brief en vra Maddie daaroor uit. Dit is 'n brief van Mars One af. Maddie wil saam met ruimtevaarders 'n ekspedisie na Mars onderneem. Maar omdat sy nog nie

agtien is nie, versoek hulle toestemming van haar ouers om deel van hierdie projek te kan wees.

Wim se ma kom ontsteld by die huis met ’n vreemde bakkie aan – Harold (’n geraamte wat aan ’n kapstok by die universiteit se kunsskool hang) is agterop. Daar is van haar studente wat glo dat dit ’n menseregteskendig is om ’n geraamte aan ’n kapstok uit te stal en gedreig het om hom te begrawe. Harold vind sy nuwe tuiste in Wim se ma se ateljee by hulle huis – “En een ding staan nou vas, sover dit sy ma aangaan: Harold se swerwersdae is vir altyd verby; hy bly vir die res van sy dae by haar aan’t huis.” (p. 13)

**Vrae en voorgestelde antwoorde:**

2.1 Waarom, volgens Maddie, wil sy Mars toe gaan?

*Volgens haar gaan daar niks op aarde aan wat die moeite werd is nie: hulle ma is skaars bewus van hulle bestaan en is net besorg oor Harold en haar studente; hul pa is min by die huis (hy konsulteer of is in die hof); skool is nie lekker nie en verder sal hulle voetspore die eerste op Mars wees.*

2.2 Wat is Maddie se antwoord op Wim se vraag of sy haar ouers se toestemming vir die ekspedisie gaan kry? Hoe motiveer sy haar antwoord?

*Nee, sy sal ’n ander plan maak. Want haar ma sal ontsteld verf teen die mure uitgooi en haar pa sal strikvrae (asof sy in die getuiebank staan) aan haar vra.*

2.3 Maddie lê met oorfone op haar bed en luister na musiek.
2.3.1 Na watter liedjie luister sy?

*Sy luister na “Space Oddity” van David Bowie*

**Space Oddity – David Bowie**

Ground Control to Major Tom
Ground Control to Major Tom
Take your protein pills and put your helmet on
Ground Control to Major Tom (ten, nine, eight, seven, six)
Commencing countdown, engines on (five, four, three)
Check ignition and may God's love be with you (two, one, liftoff)

This is Ground Control to Major Tom
You've really made the grade
And the papers want to know whose shirts you wear
Now it's time to leave the capsule if you dare
"This is Major Tom to Ground Control
I'm stepping through the door
And I'm floating in a most peculiar way
And the stars look very different today
For here
Am I sitting in a tin can
Far above the world
Planet Earth is blue
And there's nothing I can do
Though I'm past one hundred thousand miles
I'm feeling very still
And I …

BRON: LyricFind

2.3.2 Hoekom, dink Wim, verstaan hy wat in Maddie se kop aangaan? Neem die woorde van die liedjie in ag.

*Hy kan verstaan dat sy suster iets wildvreemds wil doen nie (om Mars toe te gaan), want hy besef dat dit vir haar verfrissend sal wees om die aarde vanuit die ruimtetuig te sien. Deur die liedjie wil sy van alles vergeet en net bly hoop dat sy kan kontak maak met Major Tom, die ruimtevaarder.*

2.4 Bekyk die woorde van "Space Oddity" en maak 'n afleiding oor die verskille in Wim en Maddie se persoonlikhede, maar ook dit wat uitwys dat albei op soek is na dit wat die lewe die moeite werd maak.

*(Leerders moet hulle eie afleiding maak – klasbespreking is die ideaal. Die hele inhoud van die roman moet in gedagte gehou word.)*

*Maddie is avontuurlustig en op 'n manier wil sy haar eie ding doen omdat sy besef haar ouers leef hulle eie lewe. – "Sy wil die blou aardbol van ver af sien, deur die venster van 'n ruimtetuig. Sy wil almal wegdink en kontak maak met Major Tom, die ruimtevaarder wat al so lank wag om te hoor van Ground Control." (p. 10)*
*Wim se mense sien hom as 'n dromer, maar tog is hy realisties oor sekere dinge en besef dat hy nou 'n taak het wat hy moet oplos en dat hy op aarde sy heil moet uitwerk – "Om Mars toe te gaan is iets waaraan hy nooit sou gedink het nie. Sy lewe is hier op die aarde. Waar hy nog 'n plan moet uitwerk hoe om die LO-taak te tackle en raakgesien te word." (p. 10)*

2.5 Wat, dink jy, skuil agter Wim se ma se siening oor Harold se aanwesigheid in die kunsklas by die universiteit: " ... dat die geraamte haar beter insigte tot die mens se anatomie gee, en sommer ook vir haar studente, wat elke stukkie hulp nodig het wat hulle kan kry." (p. 11)

*(Leerders moet hulle eie afleiding maak – klasbespreking is die ideaal. Die hele inhoud van die roman moet in gedagte gehou word.)*

*Dit wil voorkom asof Wim se ma nog na al die jare nie afsluiting kon kry oor dit wat in haar universiteitsdae gebeur het nie.*
*Sy het nog al die jare, wanneer iemand iets omtrent Harold vra, geantwoord dat dit 'n lang storie is.*
*Wim is ook van die begin af hieroor nuuskierig. Hy vra vir ouma Hantie op twee geleenthede uit daaroor. Sy gee hom uiteindelik al die inligting oor Harold en sy ma.*

## Hoofstuk 3: Advokaat Vermaak vang die kalklig (p. 14)

**Opsomming:**

Dit is Sondag. Die gesin geniet middagete saam – op hierdie dag is Ouma by. Pa Dolf vertel van 'n Menseregtekommissie wat saamgestel is en hy is as die voorsitter vir die kommissie gekies. Alle menseregtesake, voor die Grondwet in werking getree het, gaan ondersoek word. Wanneer Ouma meer hieroor wil weet, stop Ma die gesprek en sê dat sy genoeg politiek by die universiteit beleef. Pa maan sy vrou om versigtig te wees en nie betrokke te raak by die opruiende studente se sake nie.

Ouma Hantie raak die aand voor die televisie aan die slaap. Sy word wakker en hoor daar word oor die televisie van advokaat Dolf Vermaak gepraat. Sy word, by navraag of hy iets verkeerd gedoen het, gerusgestel deur te bevestig dat hy as voorsitter van die Menseregtekommissie aangestel is.

Wanneer almal gaan slaap, staan Wim en Maddie en kyk na die hemelruim en Maddie wonder hardop wat sy moet doen om 'n teleskoop vir Kersfees te kry.

**Vrae en voorgestelde antwoorde:**

3.1 Die Vermaak-gesin is klaarblyklik ’n doodnormale gesin. Wat maak hulle ’n normale gesin en hoekom voel Wim asof hy nie werklik by die gesin inpas nie?

*Sy pa en ma maak elke Sondag saam kos en as gesin bring hulle veral die tyd met ete saam deur – so kry hulle die kans om van mekaar se doen en late te hoor. Wim voel egter dat hy nie so uitstyg soos die res van sy familie nie – sy pa is ’n suksesvolle advokaat; sy ma ’n dosent by die universiteit se kunsskool; Maddie kry die beste punte in die graad. Hy, aan die ander kant, is nie eens in die o/15-rugbyspan nie en sy punte is ook nie te waffers nie.*

3.2 Waarom, dink jy, vertel Wim nie vir sy pa (nadat sy pa vir hom gevra het hoe dit met hom by die skool gaan) wat hom werklik by die skool bekommerd maak nie?

*Hy bly bekommerd oor die LO-taak wat nog gedoen moet word, maar met Maddie wat so goed vaar by die skool (maak weer reg vir die debatskompetisie wat sy die vorige jaar gewen het), voel hy dat dit nie geskik is om sy probleme met sy pa te deel nie.*

3.3 Wim se ma wys, deur haar woorde, vir die leser daarop dat hulle as gesin sekere waardes op ’n Sondag uitleef, en dat haar situasie by die universiteit teen daardie waardes indruis. Kyk na haar woorde op p. 16 en gee weer wat vir haar en haar gesin belangrik is en dit wat haar teen die bors stuit by haar werk.

*Wim se ma sê hulle gaan nie politiek op die Sondag praat nie (dit is gesinstyd en geen gesprekke wat hulle informele saam tyd kan versteur, word geduld nie).*
*Die protes van die studente op die kampus staan haar nie aan nie – hulle betoog en brand alles af omdat hulle ontevrede is oor klasgelde en verblyf en ander sake. As iemand met basiese waardes, stuit die opstandige studente en hulle optrede haar teen die bors.*

3.4 Wat is so ironies omtrent die volgende woorde van Wim se pa: “Hierdie kommissie gaan ou goed opgrawe, ons gaan dinge terugvat na Van Riebeeck se tyd” (p. 17)?

*(Leerders moet hulle eie afleiding maak – klasbespreking is die ideaal. Die hele inhoud van die roman moet in gedagte gehou word.)*

*Dit is juis hierdie kommissie wat vir Wim se ma gaan aanvat nadat studente gekla het oor die geraamte wat in die kunsklas hang.*
*Wim glo die geraamte (Wim se ma se vashou aan die verlede) is die oorsaak van al die probleme in die Vermaak-gesin.*

## Hoofstuk 4: 'n Klein enetjie (p. 21)

**Opsomming:**

Wim se ma kondig aan dat sy en hulle pa die naweek alleen weggaan. Maddie het onmiddellik gesê hulle kan nie alleen bly en dan nog na Ouma kyk nie. Maar Wim kon Ma se opgewondenheid sien en het niks gesê nie.

Die Vrydagmiddag het Wim sy pa met die pak van die motor gehelp. Pa het aanmekaar opdragte aan Wim meegedeel – onder andere beklemtoon dat hy die sekuriteitsmaatskappy moet bel indien daar enige probleme is.

Wim en Maddie kon nie saamstem oor 'n geskikte aandete nie. Maddie het uiteindelik besluit sy maak stir fry (dit sal Ouma se vereiste van sous insluit) en sê vir Wim hy moet vir hom 'n T-been braai.

Terwyl Maddie kos maak, loer Wim by Ouma in. Sy vra vir hom om vir haar 'n drankie in te gooi. Wim gooi vir haar sjerrie in. Met die tweede glasie sjerrie begin Ouma lekker oor die ou dae gesels. Wim vra haar uit oor waar sy ma aan Harold gekom het.

Maddie het Wim beveel om Ouma in die bed te kry – hy het vir haar die drank ingegee. Wim voel dat hy amper by die groot waarheid oor Harold uitgekom het.

**Vrae en voorgestelde antwoorde:**

4.1 Hoe reageer Wim wanneer sy pa sê dat hy die sekuriteitsmaatskappy moet skakel indien hulle hulp nodig het?

*Hy besluit hy gaan nie sommer bel nie, want hy wil nie die naweek vir sy ma bederf nie. Hy het gesien sy ma is opgewonde. Later het Maddie ook vertel hulle ouers is soos tieners (sy het op hulle afgekom waar hulle in die gang gesoen het). Hy gun sy ma om gelukkig te wees (veral die laaste tyd wat dinge so moeilik met die studente gaan).*

4.2 Maddie was aanvanklik nie lus om nog na Ouma om te sien nie. Wat wys egter uit dat sy wel na Ouma se belange omsien?

*Sy maak stir fry vir aandete (sy wil daarvan hê), maar sê vir Ouma dat daar baie sous sal in wees en dat sy geen chilli's sal insit nie.*

| | |
|---|---|
| 4.3 | Hoe het dit gekom dat Wim vir Ouma sjerrie ingeskink het? |

*Ouma het vir Wim geroep en vir hom gevra: "Wat van 'n klein enetjie?". Wim het aanvanklik nie geweet wat Ouma bedoel nie.*

| | |
|---|---|
| 4.4 | Wat vertel Ouma vir Wim van Harold, die geraamte, nadat hy vir Ouma daaroor uitvra? |

*Ouma vertel dat Wim se ma op universiteit met die boks bene by die huis opgedaag het. Sy het prente van geraamtes teen die muur opgeplak en begin om die bene aanmekaar te sit (met gom en draadjies). Wim wou by Ouma weet waar die naam Harold vandaan kom. Net voor Ouma aan die slaap raak (te veel sjerrie gedrink) sê sy: "Die mediese student, jou ma se eerste ..." (p. 28).*

## Hoofstuk 5: Wim se groot skrik (p. 30)

**Opsomming:**

Ouma Hantie daag die volgende oggend nie vir ontbyt op nie. Wim vind haar op die bed – op haar rug en net haar kop steek tussen die beddegoed uit. Maddie beveel vir Wim om te kyk of sy nog asem haal. Maar Ouma kom gelukkig vinnig in die bed orent.

Ouma bly die hele dag in 'n moeilike bui, totdat Wim met middagete 'n plan maak om haar bui te verander.

**Vrae en voorgestelde antwoorde:**

| | |
|---|---|
| 5.1 | Watter beskuldiging gooi Maddie na Wim se kant toe toe Ouma nie uit die bed opstaan nie? |

*Sy sê dit is Wim se skuld dat Ouma dronkverdriet het – hy het vir haar sjerrie geskink.*

| | |
|---|---|
| 5.2 | Hoekom sê Wim dat hy nog nooit so geskrik het nie? |

*Hy was bang dat Ouma dood is en dit sou sy skuld gewees het (alhoewel Ouma gevra het vir die sjerrie).*

5.3 Hoe kry Wim dit reg om Ouma se bui te verander?

*Wim stel ’n regmakertjie (sjerrie) vir Ouma voor middagete voor. Ouma is maar te geneë om weer sjerrie te drink.*

## Hoofstuk 6: Wim kry (soort van) ’n grip (p. 34)

**Opsomming:**

Wim soek na sy LO-opdrag. Hy kan nie presies onthou wat die opdrag is nie – hy het nie baie opgelet in die klas nie omdat hy die hele tyd probeer het om ’n meisie se aandag te trek; natuurlik met geen sukses nie. Hy besef dat hy nie vir Maddie haar boek kan vra nie; sy is die afgelope tyd erg moeilik. Terwyl hy op sy rug lê en ’n plan vir sy taak prakseer, raak hy aan die slaap en skrik wakker toe hy ’n gil hoor. Hy en sy ma kry vir Maddie op die grasperk – sy het van die dak af geval (sy was op die dak besig om na die sterrehemel te kyk) en beleef baie pyn. Sy word na die hospitaal geneem.

Hy besluit om Maddie se boek in haar kamer te kry om hom te herinner waaroor die taak gaan. Hy kry dit vinnig in Maddie se netjiese en geordende kamer. Hy neem ’n foto van die opdrag (*OMGEE – DIE GOM VAN DIE SAMELEWING).* Voor hy loop, kyk hy na ’n plakboek met koerantuitknipsels op Maddie se bed en besef hy sal Maddie mis as sy op ’n ruimtetuig Mars toe gaan.

In die stoepkamer lees hy weer die opdrag. Hy besef dat hy geen idee het hoe om die taak aan te pak nie. Hy is onmiddellik spyt dat hy nie meer aandag in die klas gegee het nie (besef dat ’n meisie met ’n vlegsel dalk vir hom ’n jaar van sy lewe gaan kos).

Hy bel vir Freek, sy vriend. Maar hy word nie meer wys omtrent die taak nie.

Maddie is die volgende dag terug by die huis – haar enkel in gips. Sy is nie in ’n goeie bui nie. Wim se ma gee vir hom die opdrag om vir Maddie te help indien sy enige iets nodig het. Hy kan nie glo sy ma gee vir hom nog ’n verantwoordelikheid nie.

**Vrae en voorgestelde antwoorde:**

6.1 Waaroor, dink Wim, is Maddie die afgelope tyd so buierig?

*Hy dink dit is oor haar onsekerheid of sy plek op die ruimtetuig na Mars gaan kry.*

6.2 Hoekom moes Wim se ma beheer neem toe Maddie van die dak afval en watter bevele gee sy vir die huismense?

*Wim se pa is in Bloemfontein by die appèlhof besig met hofsake.*
*Wim moet 'n kombers gaan haal en Ouma moet suikerwater vir Maddie aanmaak terwyl hulle vir die ambulans en paramedici wag.*

6.3 Wat is Wim se antwoord aan Ouma toe sy vir hom vra wat Maddie (Ouma noem haar Madelyn) op die dak gedoen het?

*Hy sê vir haar dat sy na die sterre kyk.*

6.4 Met Maddie in die hospitaal, besluit Wim om na haar kamer te gaan om die LO-opdrag in die hande te kry.

> <u>Opdrag (P. 38):</u>
>
> OMGEE – DIE GOM VAN DIE SAMELEWING
>
> Mense wat omgee – vir mekaar, hulle omgewing, hulle samelewing – maak dikwels 'n groot impak op die manier hoe ander hulle lewens uitleef. Maar wat maak dat sommige mense omgee en ander nie? As tiener moet jy noodgedwonge lewenskeuses begin maak wat grootliks gaan bepaal wie en wat jy eendag gaan wees en watter rol jy in die samelewing gaan speel. Spesifiek, hoe voorsien jy dat jou keuses jou sal help om 'n positiewe rolmodel in die samelewing te wees? Gaan jy omgee, en hoe gaan jy dit uitleef? Wat beteken omgee vir jou, en waarvoor gaan jy opstaan? Gebruik enige medium om jou gedagtes uit te beeld. Punte word toegeken vir vindingryke denke en oorspronklikheid.
> Kruisspanwerk word aangemoedig vir ekstra punte.

6.4.1 Wanneer Wim van die omgee in die LO-opdrag lees, besef hy dat sy huismense hom nie na waarde skat nie. Bespreek.

*Hy besef dat sy huismense hom as ’n dromer sien – iemand met sy neus in storieboeke.*
*Hy kom tot die gevolgtrekking dat hierdie taak tog gaan help om homself en sy mense te verstaan.*

6.4.2 Waarom is Wim baie senuweeagtig oor hierdie LO-taak?

*Die onderwyser, die Bees, het dit beklemtoon dat hierdie taak die helfte van die jaarpunt vir LO tel (en as jy LO druip, druip jy die jaar). Verder het hy nie baie in die klas geluister nie. Dan het die Bees ook gesê dat hulle kreatief moet wees en hulle moet met voorstelle kom voor hy sy toestemming vir elkeen se taak gee. Hy het ook lank gewag voor hy begin aandag gee het aan sy taak.*

6.4.3 Watter voorbeelde van omgee-mense het die onderwyser wel voorgehou?

*David Attenborough wat die planeet wou red; Moeder Teresa wat siekes versorg het en haweloses beskerm het; Mahatma Gandhi en Nelson Mandela wat op ’n vroeë ouderdom teen onderdrukking geprotesteer het. Die Bees het gesê dat al hierdie mense omgee in gemeen het.*

6.5 Waarna kyk Wim voor hy Maddie se kamer verlaat? Wat besef hy al reeds oor “omgee” op hierdie stadium?

*Hy sien ’n plakboek vol koerantuitknipsels – alles gaan oor Mars (die Mars rover, Curiosity, wat op die Rooi Planeet rondtoer).*
*Wim besef dat hy tog vir Maddie sal mis wanneer sy op ’n ruimtetuig Mars toe gaan (al is sy die afgelope tyd so ’n pyn).*

6.6 Wanneer Wim in sy kamer oor die LO-taak dink, kwel hy hom oor die afhandeling daarvan. Wat is vir hom problematies?

*Hy verstaan die omgee-gedeelte, maar hy weet nie hoe om die uitbeeldgedeelte aan te pak nie. Hy voel dit is te abstrak vir hom.*

6.7 Hoekom raak hy nie rustig wanneer hy met Freek, sy vriend, oor die taak gesels nie?

*Dit wat Freek oor die taak kwytraak, maak glad nie sin vir hom nie. En wanneer Freek vir Wim sê dat die medium enigiets van ’n tekening, opstel of ’n lied op ’n CD kan wees, raak hy bekommerd oor sy vaardigheid om hierdie taak suksesvol af te handel.*

6.8 Wim se ma gee aan Wim nog ’n opdrag nadat Maddie terug by die huis kom. Wat is die opdrag en hoekom is hy nie gelukkig hieroor nie?

*Sy sê hy moet ’n ogie oor Maddie hou en haar help wanneer sy die klokkie lui vir hulp. Hy voel dit is onregverdig omdat hy reeds na sy ouma moet kyk.*

## Hoofstuk 7: Wim maak ’n deal (p. 46)

**Opsomming:**

Wim gaan weer na Maddie se kamer toe. Hy vra haar uit oor haar LO-taak. Sy werk in ’n groep – sy skryf die lirieke. Maar sy is ook deel van ’n paar ander maats se take om meer punte te verdien. Maddie herinner hom dat hulle die eerskomende Dinsdag hulle take aan die Bees moet voorlê.

Die Sondagkoerante verkondig die Vermaak-kommissie se menseregteskendingsake. Dit sluit onder andere in dat die Waterfront (die land se duurste ontwikkeling) se grond eintlik aan sekere minderheidsgroepe behoort het. Wim besef dat sy pa die regte persoon is om hierdie kommissie te dryf. Hy wonder by homself hoekom hy nie soos sy pa is nie.

Wim se ma kom die Maandag by die huis aan met ’n kartonboks vol van haar kwaste en verf wat sy by die universiteit gebruik het. Sy noem dat die universiteit tydelik gesluit is – die studente betoog (brand motorbande en  geboue en begin eiendom verwoes).

Terwyl hulle die aand nuus kyk, kry Wim ’n idee vir sy LO-taak.

Hy loer weer by Maddie se kamer in. Hy bied aan om haar te help om op die dak te kom as sy hom sal help om sy skryfwerk vir sy LO-taak te taalversorg. Sy stem in.

**Vrae en voorgestelde antwoorde:**

7.1 Hoe sien ons, met Wim en Maddie se gesels oor die LO-taak, dat hulle ambisie oor prestasie nie dieselfde is nie?

*Maddie wil meer punte in LO verdien deur in haar eie groep te werk, maar ook by ander betrokke te wees. Hy stel net belang om deur te kom.*

7.2 Wat, sê Maddie, sal gebeur as Wim nie betyds sy LO-taak afhandel nie?

*Hy gaan druip en dan gaan hy almal wat sê dat Wim 'n dromer is, reg* bewys.

7.3 Wat, volgens Wim, is die grootste verskil tussen hom en sy pa?

*Sy pa hou daarvan om in die kalklig te wees – hy kan in die hof met gesag praat. Hy, daarenteen, hou daarvan om in die agtergrond te wees en hy sal daarvan hou om eendag stories te skryf wat mense vasgenael sal hou.*

7.4 Wat gebeur dat Wim 'n idee kry oor 'n LO-taak?

*Hy en sy familie kyk na die agtuur-nuus en terwyl professor Riet vrae van die koerantmanne oor die Waterfront beantwoord, besef hy dat hy 'n idee het oor sy omgee-taak.*

## Hoofstuk 8: 'n Fliek, 'n vlegsel en 'n internetslenter (p. 53)

**Opsomming:**

Wim verduidelik voor skool vir Freek waaroor sy taak gaan en wat Freek se verantwoordelikheid gaan wees. Freek stem uiteindelik in om te help.

Die laaste les van die dag is LO. Wim gaan sit langs Freek en soek onmiddellik na die nuwe meisie met die vlegsel wat hom eenvoudig net nie raaksien nie. Uiteindelik is dit sy beurt om sy taak voor te lê. Die Bees is beïndruk. 'n Paar klasmaats gee ook 'n aanduiding dat hulle as akteurs sal optree. Toe Wim later huis toe gaan, wonder hy of sy pa nog sou dink dat hy 'n dromer is as hy kon sien hoe Wim sy taakonderwerp aan die klas voorgelê het.

Maddie het vroeër vir ouma Hantie gewys hoe om whatsapp-boodskappe te stuur. Sy is nou die hele tyd op haar foon aan't gesels met haar vriendin in Engeland. Ouma kry daardie middag 'n boodskap van 'n wildvreemde man wat haar om hulp vra. Maddie en Wim verduidelik aan Ouma dat hierdie 'n verneukery is, maar Ouma glo dat sy die man moet help en dan gaan sy sommer 'n miljoen dollar maak. Wim voel dit is Maddie se skuld omdat sy vir Ouma blootgestel het aan selfoonboodskappe en die internet. Ouma vra hulle om haar te help om by die bank uit te kom om die geld vir die man oor te sit. Toe hulle weier om haar te help, storm sy by die deur uit. Maddie sê aan Wim dat hy haar

moet dophou (dit is sy werk), maar hy voel dat Ouma maar net in die tuin ronddwaal en dat sy nie sal weet watter bus om te neem vanaf die bushalte wat naby hulle huis is nie.

**Vrae en voorgestelde antwoorde:**

| | |
|---|---|
| 8.1 | Waarom het Wim eers die oggend voor skool vir Freek van die taak vertel? |

*Hy was bang dat as hy Freek te lank tyd gaan gee om oor die projek te dink, hy nie meer gaan kans sien om te help nie. Freek is net soos Maddie ingestel om goeie punte met hulle eie take te kry en Wim besef dat indien Freek nie gaan help met sy taak nie, Wim dit nie suksesvol sal kan afhandel nie.*

| | |
|---|---|
| 8.2 | Hoe kry Wim dit reg om Freek aan boord te kry met sy taak? |

*Hy smeer Freek heuning om die mond (hulle is die beste vriende en hy sal enigiets vir Freek doen); hy sê vir Freek dat dit nou sy kans is om as fotograaf naam te maak.*

| | |
|---|---|
| 8.3 | Watter voorwaarde het Freek voor hy instem om deel van Wim se projek te wees? |

*Wim moet in ’n vyf-weke maand een keer ’n week hulle gras kom sny (Freek sny sy ouers se gras vir sakgeld) en dan sal hy die kamerawerk vir Wim se taak doen.*

| | |
|---|---|
| 8.4 | Die Bees vra vir Wim om vir die klas te vertel waaroor gaan omgee vir hom en hoe gaan hy dit in sy taak uitbeeld? |
| 8.4.1 | Verduidelik hoe Wim sy taak aan die onderwyser en die klas bekendstel. |

*Hy gaan ’n kortfilm maak. Dit gaan oor ’n storie van hoe die mens nooit ophou soek na die regte keuses om te maak nie.*

| | |
|---|---|
| 8.4.2 | Wie gaan almal in hierdie taak deel? |

*Wim gaan die draaiboek skryf en as regisseur optree; Freek gaan die kamerawerk doen. Dan het hy akteurs nodig.*

| | |
|---|---|
| 8.4.3 | Wat was die Bees se reaksie op Wim se voorstelling van sy taak? |

*Hy was baie beïndruk. “. . . die mens as ontdekkingsreisiger, vir ewig vasgevang in die soeke om die kwaad van die goeie te onderskei, om die pad vir ander op te helder” (p. 56).*

8.4.4 Hoekom voel Wim dat sy plan gewerk het toe die Bees vir die klas vra wie as ’n akteur in Wim se kortfilm wil speel?

*Die nuwe meisie is een van die maats wat haar hand opsteek om in die film te speel.*

8.5 Verduidelik die wildvreemde man se hulpkreet en hoe hy vir Ouma gaan help om ’n miljoen dollar te maak.

*Die man vra dat Ouma vyfduisend rand in sy rekening moet betaal om sy familie se geld uit Nigerië te kry (hy kan dan die nodige burokratiese masjinerie in Nigerië olie om sy geld beweegbaar te maak om dit landuit te kan kry). Sy vrou is verlam in ’n ongeluk en sy dogter is met skisofrenie gediagnoseer. Hy wil na Suid-Afrika toe kom sodat hulle ordentlike mediese sorg kan kry. Dan sal hy uiteindelik vir Ouma miljoen dollar vir haar moeite kan gee.*

## Hoostuk 9: Ouma Hantie maak ’n belegging (p. 62)

**Opsomming:**

Wim sit op sy bed en stuur vir sy voornemende filmsterre ’n boodskap sodat hulle weet hy is besig met die draaiboek. Hy is in sy noppies omdat Jenny nou weet van Wim Vermaak, aspirant-filmmaker en draaiboekskrywer, se bestaan. Hy het klaar besluit dat sy die hoofrol in sy kortfilm gaan speel. Hy is egter bekommerd, want hy weet nie hoe om met die draaiboek te begin nie.

Wim hoor sy ma in die tuin na Ouma roep. Sy is nêrens te kry nie. Maddie en Wim noem dat hulle dink dat sy bank toe is. Hulle kry uiteindelik vir Ouma voor die bank – sy het haar banksake afgehandel. By die huis noem Ouma dat Yusuf laat weet het dat hy die geld ontvang het en dat hy reeds besig is om sy geld los te maak. Ma kapittel vir Ouma omdat sy nie na die kinders geluister het nie. Wim is bekommerd, want hy weet sy pa gaan vrae vra wanneer hy van Ouma se barmhartigheid te hore kom.

**Vrae en voorgestelde antwoorde:**

9.1 Hoekom is Wim so bekommerd toe hulle besef Ouma is weg?

*Hy voel skuldig omdat hy Ouma nie gevolg het toe sy uit die huis uit gestorm het nie. Sy pa betaal hom om vir Ouma op te pas. Hy is ook bekommerd oor haar veiligheid, want hy besef sy het die bus geneem na die bank toe en dat sy heel moontlik nie veilig is nie.*

9.2 Maddie verduidelik die situasie en red sy basvelle.
9.2.1 Van watter situasie red Maddie vir Wim?

*Hy is veronderstel om na Ouma te kyk en sy pa gaan vrae vra. Maar Maddie vertel dat hulle gedink het dat Ouma sal wag dat hulle ma haar bank toe neem, maar sy het 'n ander plan gemaak. Haar storie verontskuldig vir Wim.*

9.2.2 Hoekom is Wim nie heeltemal gerus hieroor nie?

*Hy weet Maddie sal wel een of ander tyd haar pond vleis eis omdat sy hom gered het en hy weet dat sy pa 'n klompie voor die hand liggende vrae sal vra wanneer hy van alles hoor.*

## Hoofstuk 10: Moerasmonsters van Mars (p. 67)

**Opsomming:**

Wim begin aan sy draaiboek vir sy film te werk. Hy het die basiese inligting op die webwerf gekry. Indien hy 'n stewige bedrag sou betaal, sou hy al die geheime omtrent draaiboekskryf kon kry, maar hy het besluit om by die basiese te bly (hy het in elk geval nie die geld nie).

Sy pa kruisondervra hom nie – glo wel die storie van Ouma wat sy ma aan hom vertel. Wim besluit wel dat hy sy waghouwerk oor Ouma sal opskerp voor hy sy geld kwyt is. Wim se ma vra by Pa raad sodat Ouma nie verder verneuk word nie. Volgens sy pa kan hulle niks doen nie; Ouma is alleen verantwoordelik vir haar geld. Hy beveel aan dat hulle haar vriende probeer kontak sodat hulle kan kyk of hulle sin in Ouma se kop kan praat.

Maar Maddie het vir Ouma gewys hoe om haar selfoon met 'n kode te sluit en dus kan hulle nie haar vriendin in Engeland se nommer kry nie. Wim moet probeer om 'n plan te maak – volgens sy gesin luister Ouma na hom.

Wim vra vir Maddie uit oor Mars. Maddie is agterdogtig en wil weet hoekom hy nou belangstel.

**Vrae en voorgestelde antwoorde:**

| | |
|---|---|
| 10.1 | Wim tik die voorlopige titel van sy draaiboek, maar besef dan dat hy nie weet hoe om verder aan te gaan nie. |
| 10.1.2 | Wat, sê die webwerf, is ’n storie? |

*“’n Storie, lees hy, is niks anders as ’n reeks krisisse waardeur sy karakters moet beweeg, wat begin met ’n interessante trigger event en eindig in ’n dénouement” (p. 68).*

| | |
|---|---|
| 10.1.3 | Hoekom bly dit nog steeds problematies vir Wim? |

*Hy verstaan nie regtig wat ’n dénouement is nie, maar besluit hy moet eers ’n interessante snellergebeurtenis (iets wat sy storie aan die gang gaan sit) kry.*
*[Volgens Wikipedia beteken dénouement (ontknoping): the final part of a play, film, or narrative in which the strands of the plot are drawn together and matters are explained or resolved.]*

| | |
|---|---|
| 10.2 | Hoekom vra Wim skielik vir Maddie oor Mars uit? |

*Sy voorlopige titel van sy draaiboek is MOERASMONSTERS VAN MARS en ons lei af dat sy storie dalk daar kan afspeel. Hy vra haar oor Mars uit, want hy is desperaat op soek na ’n snellergebeurtenis.*

## Hoofstuk 11: Foxy, Mister Davies en Dokter Spock (p. 72)

**Opsomming:**

Wim tik onder sy titel dat die storie handel oor ’n ruimteskip van Aarde wat op Mars neerstort en hoe die bemanning ’n stryd vir oorlewing voer. Hy voel trots dat hy die snellergebeurtenis kon identifiseer. Volgens die webwerf is die keuse van karakaters die volgende stap en hy kies sy karakters sorgvuldig.

Terwyl Wim ’n breuk neem, kry hy ’n idee hoe om ouma Hantie se vriendin se nommer in die hande te kry. Hy vra vir Ouma waaroor sy en haar vriendin met mekaar oor whatsapp gesels. Sy sê onder andere dat hulle baie oor die teater gesels omdat sy as oud-choreograaf baie belangstel oor wat in Engeland se dramawêreld aangaan. Wim noem aan Ouma dat hy drama op skool doen en dat hy baie dramanuus met hulle kan

deel. Hy stel voor dat hulle drie ’n whatsapp-groep moet skep sodat hy al die nuus met hulle kan deel. Hy neem Ouma se foon en skep vir hulle drie ’n whatssapp-groep.

**Vrae en voorgestelde antwoorde:**

11.1 Verduidelik hoe Wim sy eerste drie karakters vir sy film kies.

*Hy kies ’n hoofkarakter (volgens die webwerf moet daar ’n sterk hoofkarakter wees wat ’n spesifieke doel moet hê). Die hoofrol is van die begin af Jenny s’n. Hy besluit dat die hoofkarakter die kaptein van die ruimteskip gaan wees – ’n jong meisie met die naam Jay Fox (die bemanning noem haar Foxy).*
*Die ander karakters is die bemanning van die ruimtetuig. Daar gaan ses wees; een gaan beseer wees met die neerstort van die ruimtetuig (dit gaan dus nie ’n praatrol wees nie). Hy besluit daar moet ’n ingenieur wees wat die masjiene verstaan en somme kan doen en Franco word hier as karakter gekies. Die bemanning noem hom “Mister” en sy van is Davis.*
*Die derde karakter is ’n dokter – dr Spock. Hy besluit dat Ursula die vrouedokter gaan wees.*

11.2 Hoekom is Wim met homself ingenome toe hy ouma Hantie se vriendin se selfoonnommer in die hande kon kry?

*Hy voel dat hy nou weer sy ooreenkoms met sy pa nakom (om Ouma te beskerm), want nou kan hulle die vriendin vra om Ouma te laat insien dat Yusuf haar geld steel.*

11.3 Wat moet hy doen sodat sy gewete hom nie pla nie?

*Hy moet gereeld drama-nuus vir sy ouma en haar vriendin aanstuur.*

## Hoofstuk 12: ’n Botsing van belange (p. 77)

**Opsomming:**

Wim se ma is woedend; hy het sy ma nog nooit so kwaad gesien nie. Haar werk wil haar skors omdat studente haar aankla oor hulle skending van menseregte.

Die aand vra ouma Hantie dat iemand haar weer bank toe moet neem. Yusuf het probleme met die burokrate in sy land opgetel en hy het nog vier duisend rand nodig om die pyplyn oop te maak om sy geld die land uit te kry. Wim se ma vra vir Ouma of sy seniel geword het, want hoe kan sy die skurk glo. Wim onthou dat hy Ouma se vriendin

se selfoonnommer het en sê vir sy ma dat hy vir haar ’n boodskap moet stuur sodat sy met Ouma kan praat.

Wim se ouers het woorde wanneer sy pa by die huis kom en hulle oor die skorsing van sy ma praat. Sy pa voel sy ma moet die geraamte opgee. Sy vertel vir hom dat dit verskeie mense se bene is. Wim se pa probeer aan sy vrou verduidelik dat dit nie oor politiek gaan nie, maar dat die feite hier geopper word. Wim se pa sê hy kan nie sy vrou help nie.

**Vrae en voorgestelde antwoorde:**

12.1 Hoekom is Sonja Vermaak oortuig daarvan dat haar werkgewer nie met hierdie skorsing gaan wegkom nie?

*Sy kan nie verstaan waarom hulle hul aan die studente steur nie. En sy is met Dolf Vermaak getroud en hy is die top-regsgeleerde in die Kaap.*

12.2 Wat is die klagte teen Sonja Vermaak?

*Hulle klagte teen haar is dat sy ’n mens se geraamte uitgestal het by die universiteit. Dit het klaarblyklik die studente ontstel en nou eis hulle dat sy afgedank moet word omdat sy hulle menseregte geskend het.*

12.3 Hoekom is Sonja Vermaak kwaad vir haar man toe sy met hom oor die foon praat?

*Hy sê aan haar dat hy nie die universiteit namens haar kan dagvaar nie. Sy moet kans gee dat hulle die ondersoek voltooi.*

12.4 Hoekom voel Wim die middag dat hy die enigste normale mens in hulle familie is?

*Hy sien sy ma plat op die vloer langs Harold sit (haar knieë opgetrek, haar arms om haar bene gevou). En hy kon sweer dat sy ma besig is om met Harold te praat.*

12.5 Waarom kan Wim se pa nie vir sy vrou in die skorsingsaak help nie?

*Daar is ’n belangebotsing – hy is die voorsitter van die Menseregtekommissie en hy moet die mense se regte so beskerm. Sy vrou is aangekla dat sy die regte van mense aangetas het en hy kan nie haar kant neem nie.*

## Hoofstuk 13: Die beste regsgeleerde in die Kaap (p. 83)

### Opsomming:

Wim se ma maak hulle die oggend vroeër wakker. Sy het ’n afspraak met die beste regsgeleerde in die Kaap. Wim sê dat hy gedink het sy pa is die beste en sy ma antwoord dat hy nie in haar oë die beste is nie.

Met al die drama met Wim se ma se werk, het sy vergeet om vir Ouma se vriendin ’n boodskap te stuur. Ouma Hantie het, terwyl almal weg is by die huis, bank toe gegaan en vir Yusuf nog vier duisend rand oorgesit. Wim se ma is briesend toe sy dit hoor. Wim kan nie help om te wonder hoe het sy ma se afspraak met die beste regsgeleerde in die stad gegaan nie.

Wim stuur ’n boodskap aan al sy potensiële akteurs om tydens pouse bymekaar te kom om oor die oudisies te praat. Jenny daag tweede op en vra hom hoe dit met die draaiboek gaan. Hy kom agter dat sy Afrikaans met ’n aksent praat. Hy gee aan almal die opdrag om ’n sekere toneel uit ’n film te kies om vir die oudisies op te voer. Die oudisies word bespreek vir die Saterdagoggend by Freek se huis. Jenny en Wim loop saam terug toe die klok lui. Jenny noem aan hom dat sy nie weet of sy tyd gaan hê om in sy film te speel nie. Hy vra haar om asseblief die Saterdag by die oudisies op te daag. Hy besluit dat hy iets sal moet doen dat Jenny hom moet raaksien, voor dit te laat is.

### Vrae en voorgestelde antwoorde:

13.1 Hoekom sê Wim se ma vir sy ouma om beter na haar neseier te kyk?

*Sy sê haar ma het nie veel geld nie (haar pa het nie veel vir haar ma nagelaat nie). En Dolf het eers laat in sy lewe na die balie gegaan; voor hierdie tyd was hy in die akademie waar hy nie baie geld verdien het nie. Hulle kan dus nie vir haar sorg nie.*

13.2 Wat pla vir Wim omtrent die feit dat sy ma ’n ander regsgeleerde in die Kaap gaan sien het?

*Hy verstaan nie hoekom sy pa nie vir sy ma wil regshulp gee nie. Vir hom is dit onaanvaarbaar dat sy pa onbekende mense bo sy ma kies.*

## Hoofstuk 14: ’n Nuwe deal (p. 89)

**Opsomming:**

Sonja Vermaak se storie – die kunsdosent wat die mensgeraamte uitstal – versprei oral in koerante en op sosiale media. Haar ma sê niks nie, want haar prokureur het haar so opdrag gegee. Ma sê dat sy nie vir Harold gaan opgee nie, want hy is die slagoffer in ’n politieke speelbal en dit sal haar ook laat sleg lyk.

Maddie loer by Wim se stoepkamer in. Sy sê later dat Wim maar die ongerief in die stoepkamer moet gewoond raak, want dit lyk nie of Ouma gou gaan weggaan nie. Wim hoor hoe Maddie ’n plan beraam om vir Ouma deel van haar plan om na Mars te gaan te maak. Wim voel egter skuldig om Ouma te misbruik, maar hy besef hy het nie ’n keuse nie, want Maddie moet hom met sy LO-taak help.

**Vrae en voorgestelde antwoorde:**

14.1 Hoekom reken Maddie dat ouma Hantie nie gou by hulle gaan weggaan nie?

*Hulle pa is te besig met die Menseregtekommissie en hulle ma fokus nou net op die dagvaarding van die universiteit terwyl Ouma haar geld aan ’n internetskurk weggee. Niemand maak tyd om plek in die aftreeoord te kry nie.*

14.2 Wat is tog vir Wim positief indien Ouma nog langer by hulle bly?

*Hy gaan dan nog langer die geld van sy pa ontvang om vir Ouma op te pas. Hy dink dat hy later ’n beter prys hiervoor moet beding, want hy het ’n nuwe iPad nodig.*

14.3 Watter plan bedink Maddie om haar tog na Mars te verseker?

*Sy sê vir Wim dat sy ’n toestemmingsbrief gaan tik en Wim moet sorg dat Ouma (as voog) dit moet onderteken. Hy moet maak asof dit vir sy taak is (haar bril moet nie naby wees nie).*

14.4 Wat is Maddie se antwoord wanneer Wim vir haar sê dat hulle reeds ’n ooreenkoms het en hy hoef nie nog ’n guns vir haar te doen nie?

*Sy sê die ooreenkoms om haar op die dak te help, is nie meer nodig is nie, want hulle pa het vir haar 'n teleskoop belowe as sy net van die dak sal afbly.*

| | |
|---|---|
| 14.5 | Watter persoonlikheidsverskil word in hierdie hoofstuk tussen Wim en Maddie waargeneem? |

*Maddie is selfsugtig en sal mense vir haar eie gewin gebruik. Sy het geen gewetenswroeging oor hoe sy mense gebruik nie.*
*Wim, daarenteen, dink aan ander mense en hy wroeg met sy gewete om vir Ouma so om die bos te lei.*

## Hoostuk 15: 'n Ruimteskip stort neer op Mars (p. 94)

**Opsomming:**

Wim beleef druk om sy draaiboek klaar te maak voor die oudisies plaasvind. Hy het op YouTube 'n regisseur ontdek wie se flieks hom 'n paar idees gegee het. Wim lees wat hy sover geskryf het. Hy het sy drie bemanningslede ook gefinaliseer: Joe Soap en Bert (hy is net op sy eerste naam bekend en effens raaiselagtig) en dan Robert Flint, die bombardier. Sy draaiboek is klaar tot op die neerstorting van die ruimtetuig op Mars.

Al die dinge by die huis is nie lekker nie. Sy pa en ma is soos vreemdelinge met mekaar beleefd. Gelukkig, voel Wim, is sy pa baie min by die huis.

Ouma Hantie kondig aan dat Yusuf Kamal geld in haar rekening betaal het. Dit is vir haar lekker om hulle almal verkeerd te bewys. Maddie sê vir haar ouma dat dit net 'n slenter is en dat hy binnekort nog geld gaan vra. Wim wonder of sy ma al vir Ouma se vriendin 'n boodskap gestuur het.

**Vrae en voorgestelde antwoorde:**

| | |
|---|---|
| 15.1 | Hoekom voel Wim dat sy pa en ma se beleefdheid slegs 'n front is? |

*Deur hulle beleefdheid met mekaar hoef hulle nie oor die olifant in die vertrek (Sonja se dagvaardingsaak en die feit dat pa haar nie wil help nie omdat hy die voorsitter van die Menseregtekommissie is) te praat nie.*

| | |
|---|---|
| 15.2 | Hoeveel geld betaal Yusuf in ouma Hantie se rekening en watter verskoning gee hy per whatsapp dat dit so min is? |

*Hy betaal twee duisend rand in haar rekening in. Hy noem dat die owerhede hom fyn dophou en dit is al geld wat hy kon loskry. Hy is egter besig om al sy planne agtermekaar te kry.*

## Hoofstuk 16: Protesmusiek (p. 99)

**Opsomming:**

Maddie lees die lirieke van haar liedjie vir haar LO-taak aan tafel vir die huismense voor. Ouma Hantie is ontsteld oor die woorde en wil weet of hulle dié goed by die skool leer. Wim se ma noem dat sy dink dat die liedjie kan werk, maar Wim sien dat sy ma se gedagtes nie by Maddie se lied is nie.

Maddie kom later weer by die stoepkamer in. Wim is geïrriteerd, want hy is besig om aan sy draaiboek te skryf en is besig met ’n baie spanningsvolle gedeelte. Sy sit ’n brief voor hom neer en sê dat hy nou sy deel moet doen. Wim wil weet hoe sy dink sy gaan hiermee wegkom.

**Vrae en voorgestelde antwoorde:**

| | |
|---|---|
| 16.1 | Hoe verdedig Maddie haar lied se woorde aan ouma Hantie? |

*Maddie verduidelik dat dit gaan oor keuses wat die mens maak en die dinge wat hulle doen as hulle omgee. Dit maak Ouma nog meer deurmekaar. Maddie verduidelik verder dat hier op gesag gereageer word. Die gewone mens wil uitgelos word en net sy eie lewe leef. Hy droom van vryheid. Sy sê as die owerhede ons vryheid wil wegvat, moet die mens liewer padgee, die ruimte in.*

| | |
|---|---|
| 16.2 | Wat is Wim besig om in sy draaiboek te skryf? |

*Die ruimtevaarders (nadat hulle neergestort het op Mars) kry opdraande teen die monsters. Hy is besig om te dink hoe hy hulle die oorhand gaan laat kry.*

| | |
|---|---|
| 16.3 | Wat sê Maddie wat Wim op die agtervoet plaas? |

*Sy sit die brief voor hom neer en sê dit is die brief waarop hulle ooreengekom het: Ouma Hantie se toestemming vir Maddie om deel van die Mars One-span te wees. Hy wys haar onmiddellik daarop dat hulle nie hierop ooreengekom het nie.*

16.4 Wim vra vir Maddie of sy werklik dink sy gaan met hierdie plan wegkom.

*Maddie sien geen probleem nie; Wim moet net Ouma se handtekening kry. Sy hoef nie te weet waarvoor sy teken nie. As Wim wil protesteer, hou Maddie haar hand op en sê hy moet eers goed hieroor nadink.*

## Hoofstuk 17: Tugverhore en ’n junior advokaatjie (p. 104)

**Opsomming:**

Wim se ma sê dat sy die Maandag voor die tugkomitee moet verskyn. Wim wil weet wat sy ma se prokureur sê en wat sy gaan doen.

Die Vermaak-kommissie se riglyne word in die koerant gepubliseer. Hulle gaan onder andere met verskeie museums en ander instellings vergader om regstellende aksies voor te stel. Een van die aksies is reeds die beslaglegging van mensbeendere om dit dan te begrawe.

Sonja verwyt haar man en sê dat hy reg in die hande van die betogende studente speel. Hy verseker sy vrou dat hy niks te doen het met die aksie oor die begrawe van beendere nie. Daar is raadgewers en hy kon nie die versoek weier nie. By dit alles het hy ’n junior advokaat gekry wat blootstelling op die gebied van menseregte moet kry. Dié man se bydrae tot die kommissie is om beendere op te spoor. Sonja is baie ernstig wanneer sy sê dat hulle Harold moet uitlos. Dolf noem dat haar lewe soveel makliker sal wees indien sy Harold opgee. Sonja verwyt hom omdat mense soos hy en sy junior advokaatjie haar lewe bemoeilik. Wim besef, met die aanhoor van sy ouers se woordewisseling, dat hy nie wil grootword nie.

Ouma Hantie kry darem goeie nuus: Yusuf het nog ’n duisend rand aan haar oorbetaal. Nou maak hulle planne om mekaar te ontmoet wanneer hy later Kaap toe kom. Sonja Vermaak noem aan Ouma dat dit nie ’n goeie idee is nie. Ouma voel hulle ken mekaar goed. Sonja sê sy gaan saam met haar ma wanneer sy Yusuf ontmoet.

**Vrae en voorgestelde antwoorde:**

17.1 Wat is Sonja Vermaak se prokureur se raad aan haar oor die tugsaak en hoe voel sy hieroor?

*Hy sê sy kan bedank en dan verval die klag of sy kan voor die tugkomitee verskyn en verduidelik hoekom sy nie skuldig is nie.*
*Sy is nie meer lus vir klasgee nie, maar sy wil nie net gaan lê nie. Sy voel sy moet haar naam skoon kry voor sy bedank. Maar sy sê ook aan Wim dat sy wens haar man wou haar net help.*

17.2 Wim hoor sy ouers se woordewisseling en maak sy eie afleiding oor grootword. Verduidelik.

*Hy wil nie verder hoor hoe sy ouers twis nie, want dit maak hom depressief. Hy besef dat indien dit is hoe die grootmenslewe is, hy nie wil grootword nie. Die lewe is nou al vir hom erg genoeg, want hy stamp aanmekaar sy kop – "... asof hy 'n blind spot het as dit by sy eie lewe kom" (p. 106).*

17.3 Beskryf die slot van die draaiboek.

*Die geveg met die moerasmonsters is verby. Die bemanning maak gereed om terug te keer na die aarde. Mister Davis het die fout met die motore gekry ('n klep het vasgehaak en die motore kon nie genoeg plutonium inkry nie) en kon die ruimtetuig weer aan die werk kry.*

17.4 Hoekom is Wim so opgewonde om die volgende dag die oudisies te doen?

*Hy kan nie wag om weer vir Jenny te sien nie. Hy wonder of sy ook 'n vlegsel dra as sy nie by die skool is nie.*

## Hoofstuk 18: Die meisie van Amsterdam (p. 109)

**Opsomming:**

Wim is eerste by Freek se huis vir die oudisies. Hy is bly die draaiboek is klaar; hy weet nie of hy dit wel vir die aspirant akteurs gaan wys nie. Na die afgespreekte tyd is Jenny nog nie te sien nie. Sy laat weet egter per whatsapp dat sy amper daar is. Freek is

ongeduldig – hy het die oggend al sy kamera op die stoep reggekry en wil alles net afhandel.

Wim is verbaas toe Jenny hom in Nederlands aanspreek toe sy daar aankom.

Die oudisies begin. Belinda is eerste aan die beurt. Wim is opgewonde oor haar talent. Jan-Jan is die volgende aan die beurt en dan stap Jenny en Pieter (die nuwe seun in die klas) en doen ’n gedeelte uit ’n verhoogstuk. Wim is nie baie ingenome met die feit dat hulle saam aan die oudisie meedoen nie.

**Vrae en voorgestelde antwoorde:**

18.1 Wat besef Wim toe Jenny vir hom die Nederlands-gepratery verduidelik?

*Sy het Nederlands geleer toe hulle vir agt jaar in Amsterdam gewoon het. Haar pa was by die ambassade werksaam. Wanneer sy gestres is, praat sy Nederlands. Wim besef dat dit die aksent verklaar – hy het gedink sy is Grieks of Joods.*

18.2 Hoe kies Wim sy akteurs?

*Hy besluit om nie vir Jan-Jan ’n rol te gee nie – hy het nie plek vir ’n Jock nie. Maar nadat Pieter en Jenny opgetree het (Wim kan sien hulle moes saam geoefen het) besluit hy om eerder vir Jan-Jan ’n rol te gee sodat Jenny en Pieter nie aanmekaar in mekaar se geselskap moet wees nie.*

18.3 Watter ligpunt is daar vir Wim wanneer Jenny huis toe gaan?

*Pieter het nie saam met Jenny geloop toe die donkerblou Jaguar voor die deur kom stop het nie.*

## Hoofstuk 19: Monstervelle en ekstras (p. 114)

### Opsomming:

Freek lees Wim se draaiboek. Hy moet die storie eers ken voor hy vir Wim kan help om die rolverdeling uit die oudisies te kies. Wim vererg hom, want kort-kort gee Freek ’n snork. Freek sê uiteindelik dat Wim se draaiboek glad nie gaan oor dit wat hy vir die Bees

voorgelê het nie. Wim besef dat hy in vervoering geraak het oor sy storie en van die tema vergeet het. Freek wys al die slaggate vir Wim uit.

Wim besef hy gaan sy draaiboek moet oorskryf, maar hy besef hy het geen krag om dit te doen nie – hy het al sy kragte vir hierdie draaiboek gebruik. Hy sal moet hulp kry, maar hy weet nie wie hom sal kan help nie.

Wim gaan vra vir ouma Hantie hulp. Die Bees gee vir Wim ’n tweede kans.

**Vrae en voorgestelde antwoorde:**

19.1 Hoe, sê Freek, verskil Wim se draaiboek van dit wat hy vir die Bees deurgegee het?

*Wim het die mens as ontdekkingsreisiger aan die Bees verkoop, maar die draaiboek gaan oor hoe mense met monsters baklei. Freek vra aan Wim waar is die omgee waarvan hy in sy voorlegging gepraat het.*

19.2 Waaroor, sê Freek, gaan die Bees ontsteld wees en wat gaan hy dan doen?

*Hy gaan ontsteld wees oor die gedeelte waar die ruimtevaarders ’n paar monsters afslag om hulle velle saam te vat na die aarde toe, want dit het niks met omgee te doen nie.*
*Die Bees gaan hom slegsê en hom dan druip.*

19.3 Wat wys Freek nog vir Wim uit wat problematies in die verfilming van die draaiboek gaan wees?

*Freek sê vir Wim dat hy nie al die ekstras gaan kry nie. Daar is ongeveer dertig monsters in die storie en hy wil weet wie die monsters gaan speel.*

19.4 Wim besef hy sal moet hulp kry. Wie oorweeg hy en op wie besluit hy om hulp te gaan vra?

*Sy pa is buite die kwessie; veral met die belangebotsing besef hy dat sy pa hom glad nie sal kan help nie.*
*Sy ma het haar humorsin verloor en sal verseker nie hulp aan hom kan verleen nie.*
*Maddie, besluit hy, is ’n verraaier.*
*Dan onthou hy dat ouma Hantie gesê het dat sy in ’n teater gewerk het. Hy besluit sy moet dan van flieks en draaiboeke weet. Hy glo sy is ook oud genoeg om van LO-goed te weet.*

19.5 Wim kry raad by ouma Hantie oor sy nuwe draaiboek.
19.5.1 Hoe verduidelik Ouma vir hom hoe sy die taak verstaan?

*Ouma Hantie sê dat jy moet omgee vir jou medemens, maar dat dit eintlik beteken dat jy daar moet wees vir iemand wat jou nodig het. Dit, sê Ouma, moet by jou familie begin voor dit na die buitewêreld kan gaan.*

19.5.2 Watter les gee ouma Hantie ook vir Wim?

*Sy sê vir hom dat iemand wat vir familie omgee, maklik ook vir ander mense sal omgee.*

19.5.3 Ouma gee vir Wim raad oor hoe om sy draaiboek aan te pak. Bespreek.

*Dit moet nie 'n sedeles word nie; die mense moet uit die storie leer.*
*Hy moet 'n aktuele storie kry en daarom moet hy die koerant lees om 'n storie te kry.*

19.6 Wat besluit Wim oor sy nuwe draaiboek?

*Hy besluit sy draaiboek gaan oor mense wat vir mekaar moet instaan en mekaar moet beskerm.*

19.7 Hoe, besef Wim, is sy pa nie 'n voorbeeld van hierdie omgee-tema nie?

*Sy pa neem nie sy ma se kant in die tugsaak nie omdat hy die voorsitter van die kommissie is.*

19.8 Wat doen Wim vir die eerste keer in sy lewe?

*Hy lees koerant!*

## Hoofstuk 20: 'n Beter deal (p. 120)

### Opsomming:

Wim stuur 'n whatsapp-boodskap aan Maddie om te sê dat sy die brief kan kom haal; hulle ooreenkoms bestaan nie meer nie. Wim besef dat hy nou op homself (en ouma Hantie) aangewese is om sy draaiboek te voltooi.

Maddie kom die aand by sy kamer in. Sy vra aan Wim wat hulle gaan doen om hulle Pa en Ma te help.

Ouma Hantie kry vir Wim in die tuin – hy is besig om aan sy draaiboek te skryf. Ouma lyk in haar skik toe hy sê dat hy besig is om die breë storielyn te skryf sodat hy en Ouma daaroor kan gesels. En dan vra ouma Hantie vir Wim ’n guns. Hy stem in.

Die Sondagoggend sit Wim ook en skryf aan sy draaiboek. Hy kyk na sy ma en wens hy kan aan Maddie se versoek voldoen om sy ma-hulle te help. Hy kyk na die geraamte van Harold en besef dat dit die oorsaak van al die probleme in hulle huis is.

**Vrae en voorgestelde antwoorde:**

20.1 In watter opsig gaan ouma Hantie tog vir Wim ’n beter aanwins vir hulp met die draaiboek wees?

*Ouma Hantie probeer nie verskuilde ooreenkomste met Wim aangaan nie (sy doen wel besigheid met sulke mense).*

20.2 Maddie kom vra vir Wim hulp omtrent hulle ouers.
20.2.1 Hoekom, dink Maddie, het hulle ouers hulp nodig?

*Wim se pa help nie sy ma met die tugsaak wat die universiteit teen haar gemaak het nie. Maddie besef hulle ma gaan haar kop verloor en sy is bang dat hulle binnekort met geskeide ouers gaan sit (“... binnekort is die twee van ons produkte van ’n gebroke huis.” – p. 121)*

20.2.2 Het Maddie al probeer help? Wat was die resultaat?

*Ja, sy het met haar pa probeer praat. Hy het egter gesê dit is grootmenssake en hy gaan dit nie met haar bespreek nie.*

20.3.3 Hoekom, dink Wim, is die saak nie so eenvoudig nie?

*Ma is kwaad vir Pa omdat hy sy werk bo haar probleme kies.*

20.3.4 Hoe reik Maddie wel na Wim uit voor sy loop?

*Sy sê vir hom dat sy hom sal help met sy draaiboek (sy sal taalversorging doen, maar ook help skryf) indien hy die twis tussen hulle ouers kan oplos.*

| | |
|---|---|
| 20.4 | Waarom is Wim heimlik opgewonde omdat hy ouma Hantie deel van sy taak gemaak het? |

*Hy weet oumense voel nie altyd nuttig nie; nou voel sy dat Wim haar tog nodig het. Hy besef ook dit is hoe Yusuf haar gevang het.*

| | |
|---|---|
| 20.5 | Watter guns vra ouma Hantie vir hom en hoekom stem hy in om haar te help? |

*Sy sê Yusuf is in die Kaap. En sy wil nie nou Wim se ma saamneem wanneer hulle ontmoet nie (sy is nie op ’n goeie plek nie). Sy vra of Wim saam met haar sal gaan. Wim stem in. So kan hy seker maak sy ouma teken niks nie en dat sy van die bank af wegbly. Hy dink ook dit sal interessant wees om ’n internetboef in lewende lywe te sien.*

## Hoofstuk 21: Tugkomitees en subpoenas (p. 125)

**Opsomming:**

Wim se ma is die Maandagoggend somber aangetrek. Toe sy hom by die skool aflaai, raak hy aan haar skouer voor hy uitklim. Hy stuur ’n whatsapp aan sy groep aspirant-akteurs om dankie vir die oudisies te sê en hulle gerus te stel oor die vordering van die draaiboek. By die wiskundeklas sien hy vir Jenny en Pieter gesels. Hy besef hy sal vinnig ’n plan moet maak om hierdie romanse te stop.

Die middag is sy ma se oë rooi gehuil. Sonja Vermaak vertel dat haar saak nie goed verloop het nie. Sy het uit haar pos as dosent bedank.

Die middag lui die groot hek se klokkie. ’n Man oorhandig ’n groot koevert aan Sonja. Dit is ’n subpoena om voor die Vermaak-kommissie te verskyn.

Toe Wim se pa die aand tuiskom, is Wim reeds in die stoepkamer. Maar hy hoor die woordewisseling tussen sy ma en pa. Hy besef uiteindelik dat daar iets gedoen moet word omdat hulle familie besig is om uitmekaar te val.

**Vrae en voorgestelde antwoorde:**

| | |
|---|---|
| 21.1 | Wat was die uiteinde van Sonja Vermaak se tugsaak in die hof? |

*Sy het tien dae om formeel verskoning aan al die studente aan te bied. Volgens die hof het sy hulle onsensitief behandel deur 'n geraamte uit te stal. Indien sy dit nie doen nie, word sy van haar pos onthef.*

21.2 Wat antwoord Sonja wanneer Maddie vir haar vra wat sy gaan doen?

*Sy sê sy het reeds bedank. Sy sê sy is siek en sat vir die betogende studente en dat sy meer geld gaan maak as sy verf en haar eie skilderye verkoop.*

21.3 Wat is 'n subpoena?

*Dit is 'n skrywe vanaf 'n regeringsagent dat die persoon in die hof moet verskyn om 'n sekere getuienis weer te gee.*

21.4 Hoekom moet Sonja voor die Vermaak-kommissie verskyn?

*Sy moet gaan verduidelik hoekom Harold (die geraamte) nie begrawe moet word nie.*

21.5 Wat word in Wim se ouers se woordewisseling gesê en wat is die uiteinde van hierdie rusie?

*Sonja kan nie glo dat Dolf nie 'n stokkie voor die subpoena gesteek het nie (hy is die voorsitter). Dolf sê dit moes die jong advokaatjie gewees het wat sy kans gevat het toe hy in Bloemfontein was.*
*Sonja sê dat Dolf ander blyplek moet kry totdat die subpoena teruggetrek is.*

## Hoofstuk 22: Koffie met Yusuf (p. 131)

**Opsomming:**

Wim vertel nie vir sy ma van die afspraak met Yusuf nie. Hy en ouma Hantie ry met 'n Uber tot by die winkelsentrum. 'n Blas man in swart skinny jeans en skerppuntskoene kom nader. Yusuf is nie ingenome toe Ouma vir Wim aan hom voorstel nie. Hy steur hom nie aan Wim nie. Yusuf se swart klere en dan nog die swart baret, onderstreep dat hy 'n skelm is, besluit Wim. Hy kan glad nie verstaan hoekom Ouma nie deur hom kan sien nie.

Yusuf haal 'n kleinerige boksie vol foto's uit en wys vir Ouma foto's van sy vrou en sy dogter. Wanneer hy vir Ouma sê dat hy haar 'n guns wil vra, spits Wim sy ore om presies

te hoor wat Yusuf vra.  Aan die einde van die kuiertjie, sien Wim hoe Yusuf aan Ouma se skouer vat en vir haar ’n jy-kan-my-vertrou-drukkie gee. Wim is lus om hom ’n oorveeg te gee.

Ouma Hantie is op soek na haar bril. Toe Ouma die aand die aftog blaas om die bril te kry, loop Maddie saam met Ouma na haar kamer. Wim sien dat Maddie ’n brief in haar hand het.

Die volgende middag stop ’n minibus-taxi voor die Vermaaks se hek. Klomp jongmense met plakkate klim uit. Hulle gee uitroepe van “give back te bones” en “bury the man”. Joernaliste voer onderhoude met die betogers. Sonja herken van die jongmense as haar gewese studente.

Die agtuur-nuus gee ’n dekking van hierdie gebeure. ’n Jong man met blonde hare vaar luidkeels uit teen Sonja wat die mensgeraamte by die universiteit uitgestal het. Sonja herken hom as die student vir wie sy nul gegee het toe hy ’n blou kol op ’n vel gekreukelde papier as projek ingegee het – sy visie van ’n nuwe wêreldorde.

**Vrae en voorgestelde antwoorde:**

22.1 Wat onderstreep die feit dat Wim seker is dat Yusuf ’n skelm is?

*Hy lyk nie ingenome om te sien dat daar iemand saam met ouma Hantie gekom het nie. En dan ignoreer hy vir Wim en praat net met Ouma.*

22.2 Watter guns vra Yusuf vir Ouma?

*Hy vra of Ouma die boksie met die foto’s vir hom sal bewaar.*

22.3 Oor watter optrede van Yusuf was Wim verbaas?

*Yusuf dring daarop aan om vir die drinkgoed te betaal.*

22.4 Hoe weet Wim dat Maddie ’n slinkse plan het toe sy saam met Ouma kamer toe gaan?

*Hy besef dat die brief in haar hand die toestemmingsbrief is wat Maddie nodig het om deel van die ruimtetuigspan te word en dat sy vir Ouma gaan vra om dit te teken (sy het nie haar bril nie en sal nie kan lees waarvoor sy teken nie).*

22.5 Watter afleiding kan ons maak van die student wat teenoor Sonja uitvaar?

*Hy wil vir Sonja terugbetaal omdat sy vir hom nul vir ’n projek gegee het.*

## Hoofstuk 23: Harold slaan ’n gap (p. 137)

**Opsomming:**

Wim kry ’n oproep van sy pa. Sy pa het sy hulp nodig. Die volgende oggend op pad skool toe hoor hulle die nuus oor die radio. Sonja maak onmiddellik ’n omkeer met die motor en ry terug huis toe. By die huis sien Sonja dat Harold weg is.

Dolf kry vir Wim en Maddie die middag by die skool. Hulle ma is weer ontspanne, maar Wim kan sien dat sy hartseer is oor Harold wat weg is. Wim besef dat alles weer normaal in hulle huis is – net sonder Harold. En Wim is bly, want dit is net hy wat die werklike omstandighede wat sy pa betref, besef.

Freek lees Wim se nuwe draaiboek. Wim verduidelik sy nuwe tema en dat die Bees goedkeuring gegee het. Hulle kom ooreen oor die rolverdeling en waar die film geskiet gaan word.

**Vrae en voorgestelde antwoorde:**

23.1 Hoe het Dolf sy seun se hulp nodig?

*Wim moet seker maak dat hulle, op pad skool toe, na die nuus op die radio luister. En as sy ma vra hoe Wim daarvan weet, moet hy net sê dat hy sy pa gebel het vir raad.*

23.2 Wat word in die nuusberig gesê dat Sonja onmiddellik omdraai en terug huis toe ry?

*Advokaat Dolf Vermaak het as voorsitter van die Menseregtekommissie bedank. Hy vaar uit teen sy junior kollega wat ’n subpoena aan sy vrou uitgereik het. Advokaat Vermaak sê dit is duidelik dat die kommissie nie onafhanklik optree nie en deur persoonlike agendas gedryf word. Hy het die subpoena teenoor sy vrou teruggetrek en sy verskoning namens die kommissie aangebied. Hy gee weer dat iemand soos Leonardo da Vinci en vele ná hom, ook bene in die skone kunste gebruik het. Verder*

*gee die nuusleser weer dat daar by die Vermaak-gesin ingebreek is en dat die geraamte gesteel is. Hy noem dat die studente hulle moet regmaak vir 'n saak van naamskending en intimidasie en dat hulle nou ook vir huisbraak aangekla gaan word.*

23.3 Wat is Wim se antwoord as sy ma vra hoe hulle pa weet van Harold se verdwyning?

*Wim sê hy het die inbraak gesien toe hy vir Bella die oggend uitgevat het. Hy het sy pa gebel om te hoor wat hy moet doen. Sy pa het gesê dat hy dit sal uitsorteer.*

23.4 Hoe reageer Maddie oor hierdie nuusberig en al die gebeure hieromtrent?

*Sy sê sy skuld vir Wim 'n taalversorging op sy draaiboek.*

23.5 Wim besef dat die stoepkamer tog 'n voordeel vir hom is omdat hy van goed weet wat die ander huismense nie weet nie. Verduidelik.

*Net Wim het besef dat sy ma sy pa gevra het om die huis te verlaat. Almal het gedink dat Dolf Vermaak nog in Bloemfontein is. Sy ma besef ook nie eens dat Wim daarvan weet nie.*

23.6 Verduidelik waaroor Wim se nuwe draaiboek gaan.

*Dit gaan nou oor 'n ouma wat met een van daardie internetslenters gevang word. Haar familie draai aanvanklik teen haar omdat hulle dink sy is dom.*
*Die Bees het toestemming gegee vir sy nuwe tema: 'n omgee-mens is een wat keuses maak en besluit om altyd daar vir mense wat hom nodig het, te wees.*

23.7 Gee die rolverdeling van Wim se kortfilm weer.

*Ouma Hantie speel die hoofrol – Wim sê aan Freek dat sy 'n soortgelyke drama deurgegaan het. Sy het ook in 'n teater gewerk en ken akteurwerk.*
*Jenny speel ouma Hantie se dogter – die enigste familielid wat die ouma ondersteun. Jenny se karakter word die simbool van omgee. Hulle bedink saam 'n plan om die skelm vas te trek.*
*Pieter is die skurk – hy moet swart skinny jeans en skerppuntskoene aantrek en 'n pet dra.*
*Jan-Jan is die geheime polisieman wat die skurk vastrek.*
*Belinda speel Jenny se ma – sy ma gee Ouma 'n harde tyd omdat Ouma vir 'n skelm se storie geval het, maar aan die einde is sy wel daar vir haar wanneer die ouma haar nodig het.*
*Die res is ekstras en praat net so nou en dan – skep eintlik net atmosfeer.*

23.8 Hoe verskil die draaiboek van ouma Hantie se drama?

*In die draaiboek word die skelm uitgelok en gevang.*

| | |
|---|---|
| 23.9 | Waar gaan hulle die film skiet? |

*In 'n koffiewinkel (Wim het klaar met die eienaar onderhandel – in ruil daarvoor moet hulle die winkel bemark). Die res gaan by Wim-hulle se huis en by die bank se ingang geskiet word.*

## Hoofstuk 24: Yusuf word uitgevee (p. 144)

**Opsomming:**

Wim se ma sê sy en hulle pa gaan weer bietjie weg, maar hulle sal die Vrydag terug wees, want sy verjaar die Saterdag en wil dan by haar gesin wees. Maddie rol net haar oë wanneer Wim haar van hulle ouers se planne vertel.

Wim sien in die koerant (hy het die gewoonte van koerantlees met sy storiesoekery aangeleer) dat Yusuf gevang is. Hy besluit om dit nie vir Ouma of die huismense te sê nie, maar maak 'n plan om vir Yusuf uit Ouma se lewe te hou.

Hulle tydjie alleen met Ouma verloop sonder enige insidente. Wim se ouers is Vrydag terug en Pa beplan alles vir Ma se verjaarsdag die volgende dag. Wim is baie trots op sy pa omdat hy baie vir sy ma opgeoffer het.

**Vrae en voorgestelde antwoorde:**

| | |
|---|---|
| 24.1 | Wat besluit Wim en Maddie oor dié keer se alleen bly (saam met Ouma by die huis)? |

*Maddie sê haar pa moet geld los vir wegneemkos, want sy gaan nie weer kos maak nie. En Maddie sê dat Wim vir Ouma moet weghou van die drank af. Wim besluit hy gaan sorg dat daar net genoeg drank vir 'n kleintjie in is, want hy is nie lus vir moleste soos die vorige keer nie.*

| | |
|---|---|
| 24.2 | Hoekom hou Wim aan om in die koerant te kyk vir stories al het hy 'n ander draaiboek-idee gekry? |

*Hy het nou wel nie sy draaiboek-idee uit die koerant gekry nie, maar hy wil stories versamel omdat hy die fliek-besigheid eendag verder sal wil vat.*

24.3 Wat berig die koerant oor Yusuf se inhegtenisneming?

*’n Kaapse skollie, ene Manny Koen, is vir bedrog en smokkelhandel en ’n klomp ander goed vasgetrek. ’n Foto van Yusuf, sonder sy baret, is by die berig geplaas.*

24.4 Hoe kry Wim dit reg om Ouma finaal van Yusuf te red?

*Wim vra vir ouma Hantie haar foon om kamtig die sagteware op te gradeer. Hy blok Yusuf se nommer en verander die selfoonnommer op Ouma se foon. Sy sal nie weer boodskappe van hom ontvang nie en haar boodskappe sal ook nie by hom uitkom nie.*

24.5 Hoe maak die gesin Ma Vermaak se verjaarsdag besonders?

*Hulle gaan eet ontbyt onder die akkerboom, dan gaan Ma en Pa in Nuweland se woud stap. En Ma mag niks die hele dag doen nie.*
*Gedurende die nag (voor Ma se verjaarsdag) gaan Pa na Wim se kamer toe. Hulle neem vir Harold (onder Wim se bed weggesteek) en gaan hang dit aan die kapstok in Ma se ateljee.*

24.6 Terwyl Wim en sy pa besig is om vir Harold na Ma se ateljee terug te neem, besef hy dat sy pa eintlik ’n goeie persoon is. Hoekom?

*Hy besef sy pa het baie op sy werk gefokus en nie besef dat sy vrou moeilike tye beleef nie, maar toe die dinge lelik begin raak het, het hy sy vrou bygestaan (tot sy voorsitterskap van die kommissie opgegee). Hy besef sy pa het ook ’n paar lewenslesse geleer.*

## Hoofstuk 25: Harold maak ’n comeback (p. 149)

**Opsomming:**

Wim en sy pa het Ma geblinddoek en na haar ateljee geneem. Sy ma was so bly om Harold weer te sien dat sy sommer begin huil het. Wim het gedink dat die pad van Ma en die geraamte nogal ’n goeie storie vir ’n fliek moet wees.

Ouma Hantie is hartseer – sy hoor niks van Yusuf nie. Wim noem dat Ouma die geld wat sy verloor het, maar moet afskryf, want sy gaan nooit weer iets van hom hoor nie. Ouma besef sy was hardkoppig en moes na hulle geluister het.

Wim besef om ’n fliek te maak, is baie harde werk. Van die tonele moet oor en oor gedoen word. Wim moes ook sy laaste spaargeld neem om geheuekaarte vir Freek se kamera te koop. Ouma Hantie help die akteurs wat gespanne voor die kamera is.

Die aand kom Maddie weer na Wim se kamer toe om vir hom ’n brief te wys.

Wim besef dat sy ma reg was oor Ouma – haar verstand is nog baie helder, veral wanneer dit by draaiboeke en sulke goed kom. Ouma Hantie en Wim werk deeglik deur die draaiboek. Hul beplan ’n tydlyn om die krisis en klimaks op die regte tyd te laat gebeur en dan om die ontknoping so kort as moontlik te hou. Wim gebruik die geleentheid om vir Ouma uit te vra oor Harold en sy ma. Uiteindelik leer Wim nog ’n belangrike les oor die lewe.

**Vrae en voorgestelde antwoorde:**

25.1 Watter rede gee Ouma vir haar hardkoppigheid?

*Sy sê na haar man se dood moes sy self oor die weg kom (hy het alles vir haar gedoen). Toe het sy ophou luister na mense omdat sy haar eie kop wou volg.*

25.2 Die kortfilm gaan so tussen tien en vyftien minute wees.
25.2.1 Gee ’n paar tonele uit die film.

*Ouma Hantie werk op die rekenaar; Jenny praat met Ouma; Ouma loop by die bank uit; Ouma en Jenny drink saam met Pieter, die internetboef, koffie; Ouma en Jenny kyk na foto’s.*

25.2.2 Wat het vir Wim ’n goeie idee vir rekwisiete gegee?

*Ouma Hantie was onwillig om die foto’s wat Yusuf vir haar gegee het om te bewaar, weg te gooi en toe besluit Wim om dit te gebruik.*

25.2.3 Watter toneel gaan Wim geniet om te skiet?

*Hy gaan sy eie weergawe van die Yusuf-drama maak. Jan-Jan, die geheime polisieman, gaan vir Pieter so duik dat hy deur die sand ploeg.*

25.3 Maddie wys vir Wim ’n brief.
25.3.1 Van wie is die brief en watter inligting word gegee?

*Dit is ’n brief van Mars-One se mense. Hulle het die toestemmingsbrief van haar ouma ontvang en sit haar op die waglys vir die ruimtereis na Mars.*

25.3.2 Wim vra vir Maddie wat haar plan nou is. Wat is haar antwoord?

*Sy sê sy wag nou tot sy agtien is – dit is nog drie jaar. Dan sal sy besluit wat om te doen – Mars toe of eers gaan studeer (Astrofisika). Dit is eintlik net hierdie brief wat sy wou gehad het.*

25.4 Terwyl Wim en ouma Hantie oor die draaiboek gesels, vra Wim vir Ouma so terloops uit oor sy ma en die geraamte.

25.4.1 Hoe kry Wim dit reg om Ouma aan die gesels te kry oor sy ma en Harold?

*Hy vra aan Ouma of sy dink dat sy ma en Harold se storie ’n goeie film sal maak.*

25.4.2 Ouma vra vir Wim of sy ma vir hom die storie vertel het. Wat is sy antwoord?

*Hy sê hy raai maar dat dit iets met sy ma se eerste liefde – ’n mediese student – op universiteit te doen het.*

25.4.3 Wat wys Ouma en vertel sy vir Wim?

*Sy gaan haal ’n verweerde boekie en lees vir hom ’n vers (dit handel oor twee jong verliefdes wat onafskeidbaar is) van Lord Tennyson voor. Sy vertel dat sy ma op universiteit aan ’n paar verhoogstukke deelgeneem het (deel van haar dramastudies). Hierin het sy die rol van Edith, ’n meisie onder toesig van koning Edward, gespeel. Een aand het ’n mediese student ’n bos blomme vir haar op die verhoog gegooi. Hierdie student het later vir sy studies oorsee gegaan en hy het ’n klomp beendere (by sy professor gekry) vir Wim se ma gegee om op te pas. Hy is in ’n vliegtuigongeluk dood. Sy ma het die beendere aanmekaar gesit. Ouma sê die dag toe sy alles aanmekaar gesit het, het haar kind heel geword. Sy het hom Harold, na aanleiding van die verhoogstuk, gedoop.*

25.4.4 Waarvoor het Wim se ma die verweerde boekie (wat Ouma vir Wim wys) gebruik?

*Sy het haar woorde vir die verhoogstukke geleer deur dit in hierdie boekie neer te skryf. Sy het die boekie vir Ouma gegee om op te pas totdat sy eendag daarvoor vra.*

25.5 Wat word Wim wys uit sy gesprek met Ouma oor sy ma en die geraamte?

*Ouma Hantie sê sy sal die vers vir Wim neerskryf, maar hy moenie uitpraat nie. Wim verstaan. Vir sy ma is Harold 'n herinneringsimbool – "'n skans teen die wêreld se slegte dinge" – p. 156. Hy weet ook dat hy hierdie geheim altyd sal bewaar en dat hy verseker nie 'n fliek hieroor sal maak nie.*

## Hoofstuk 26: Pieter vat 'n knock (p. 157)

**Opsomming:**

Die skiet van die film – onder ouma Hantie se hande – gaan voor die wind. Al die akteurs is gemaklik voor die kamera en Wim, as regisseur, het ook baie tegnieke aangeleer.

Wim kry min geleentheid om met Jenny te gesels, maar is die hele tyd van haar bewus. Tog deel sy heelwat van haar lewe wanneer hulle rus tussen die skiet van tonele.

Wim geniet die laaste toneel van sy film. Hy laat dit vir 'n tweede keer skiet.

Freek begin die film aanmekaar sit terwyl Wim Freek-hulle se gras sny (hy moet dit vyf keer sny). Wanneer hy rus, vertel hy vir Freek dat hy vir Jenny gaan uitvra wanneer die Bees sê die fliek is 'n sukses. Freek sê dat hy dit baie vinnig sal moet doen omdat Pieter ook in haar belangstel. Wim vertel vir Freek van sy plan.

Dan vind die LO-periode plaas waar almal hulle take aan die Bees moet deurgee. Die uiteinde is positief vir almal.

**Vrae en voorgestelde antwoorde:**

26.1 Ouma Hantie se hand is duidelik in die film te sien.
26.1.1 Wat het Wim by Ouma geleer?

*Hy visualiseer elke toneel, oorweeg interessante kamerahoeke en beligting en bring oral emosie in.*

26.1.2 Waaraan herinner Ouma vir Wim deurentyd?

*Dat die storie oor mense wat mekaar seermaak en ook oor mense wat mekaar help, moet gaan.*

26.1.3 Wat sien Wim die hele tyd wanneer hy na Ouma kyk?

*Hy sien dat hierdie harde werk is vir Ouma. Hy sien die pyn wat Ouma herleef van haar belewenis met Yusuf en besef dat hy dit reggekry het om Ouma se geloof in haar medemens te skend.*

26.1.4 Wat hoop Wim gebeur met die maak van hierdie film?

*Hy hoop dat haar hulp met die film sal maak dat sy weer heel word.*

26.2 Wat doen Wim wat ’n bewys is dat hy regtig baie van Jenny hou?

*Hy gebruik ’n foto van Jenny en laat ’n stilfoto vir hom daarvan maak. Dit was uit ’n toneel waar Ouma vir haar vertel hoe almal teen haar gedraai het omdat sy geld aan ’n vreemde man gestuur het.*

26.3 Wim kry wel ’n geleentheid om met Jenny te gesels. Hy vra haar uit oor Amsterdam en of sy soontoe sou wil teruggaan. Wat antwoord sy?

*Sy sê dit is vir haar lekker in die Kaap. Sy was nie gelukkig in die eksklusiewe privaatskool nie (nie maats gehad nie omdat leerders gekom en gaan het omdat die ouers baie verhuis het). Haar pa is nou nie meer in die politiek nie en by ’n ou skoolvriend se besigheid as konsultant begin werk. Hulle gaan dus nie weer verhuis nie.*

26.4 Hoekom geniet Wim die laaste toneel so dat hy dit ook ’n tweede keer laat skiet?

*Dit is die deel waar Jan-Jan vir Pieter, die internetboef, in die sand duik. Wim geniet dit omdat hy vies is vir Pieter wat so by Jenny aanlê.*

26.5 Wim vertel vir Freek van sy plan om met Jenny uit te gaan en vra weer ’n guns vir Freek. Verduidelik die plan en gee weer wat Freek se reaksie op die gunsie is.

*Freek en Maddie gaan moet saamgaan fliek toe wanneer hy vir Jenny uitvra. Freek sê dit is reg indien Wim nog ’n grassnysessie sal afhandel.*

26.6 Al die leerders slaag hulle LO-projekte en word na die volgende graad bevorder. Gee ’n kort oorsig.

*Freek se foto’s en beskrywing kry sewentig persent. So ook Maddie se liedjie wat sy geskryf het. Jenny se plakkaat waarop sy verskillende tye in die mens se ontwikkeling uitbeeld, verdien tagtig persent (dit fokus op wat mense verloor het toe hulle nie vir mekaar of die aarde omgegee het nie, en bloot uit eie gewin opgetree het).*

26.7 Watter gebeurtenis laat ons as leser besef dat Wim en Jenny tog bewus is van mekaar?

*Wanneer die Bees vir Wim na vore roep om sy projek te kom aanbied, glimlag Jenny vir hom en maak 'n klein vuis.*

26.8 Hoe reageer die Bees op Wim se kortfilm?

*Hy klap sy hande en gee vir Wim en sy span vyf en sewentig persent vir die film.*

## Hoofstuk 27: Wim vat 'n kans (p. 165)

**Opsomming:**

Wim sê vir Maddie dat sy vir hom 'n guns skuld. Die film is egter gefinaliseer en hy het 'n ander guns as taalversorging nodig. Sy stem in.

Maddie vertel vir Wim dat sy vir Ouma vertel het waarvoor sy destyds haar handtekening gegee het. Ouma was nie kwaad nie; gesê sy gaan haar nie probeer stop nie, want 'n mens mors nie met iemand anders se drome nie. Net gesê sy moet self vir haar ouers hiervan vertel.

Wim se pa vertel vir hulle dat hulle 'n eenslaapkamer-eenheid vir ouma Hantie in die aftreeoord gekry het. Wim besef hy gaan sy eie kamer weer terugkry, maar is nie opgewonde daaroor nie.

Wim, Freek, Maddie en Jenny gaan die Saterdagoggend Mall toe om te gaan fliek. Wim en Jenny sit langs mekaar en Wim sien meteens uit na hulle graad tien-jaar.

**Vrae en voorgestelde antwoorde:**

27.1 Hoekom is Wim nie opgewonde om sy eie kamer terug te kry nie?

*Hy besef dat hy (en sy gesin ook) vir Ouma gaan mis.*

27.2 Wie betaal vir die fliekkaartjies en hoekom?

*Wim. Hy het bloot vir Freek en Maddie saamgenooi as 'n rookskerm om Jenny daar te kry.*

27.3 Wat sê Wim vir Jenny voor die fliek begin en wat is haar antwoord wat hom baie gelukkig maak?

*Hy sê vir haar: “Ik hoop dat je geniet van de film”.*
*Sy antwoord: “Ik ben blij dat je me uitgenodigt”.*

## 4.2 Die ontleding van *Die lewe volgens Wim Vermaak* as ’n literêre teks

Die antwoorde is slegs riglyne. Ander menings moet ook oorweeg word.

### 4.2.1 Titel en omslag

Die titel is die naam van die jeugroman. Dit bevat die kern van die teks en werp lig op die inhoud.

Watter belangrike inligting, wat ons kan help met die inhoud, kan ons van die titel en die omslag aflei?

Die omslag is kleurvol. Die titel is met wit hoofletters op verskillende kleure gedruk. Verder is daar sketse van die ruimte, ’n geraamte, ’n rekenaarverbindingskoord, ’n hond en ’n potlood.

Volgens die omslag lyk dit of Wim (en sy familie) se lewe baie opwindend is, maar ook baie besig. Die leser besef dat dit wat gelees gaan word op ’n manier deur Wim weergegee gaan word. Wim is in die moeilikheid omdat hy nie weet wat om met sy LO-taak te doen nie. Hy het te lank gewag om daarmee te begin en het ook nie veel aandag in die klas gegee toe die onderwyser inligting daaroor gegee het nie. Die grootste rede waarom hy nie aandag in die LO-klas gegee het nie, was omdat Jenny (die nuwe meisie in die klas) vir wie hy ’n geheime bewondering het, hom glad nie raaksien nie.

Dan kom bly sy ouma by hulle en alles verander in hulle huisopset – Wim moet in die stoepkamer gaan bly omdat Ouma in sy kamer intrek. Verder raak Ouma vervleg met ’n internetboef en verloor baie geld omdat sy nie na raad van haar familie wil luister nie.

Dan is daar Maddie – Wim se suster – wat ’n obsessie het om as deel van ’n span na Mars te vertrek. Sy het egter die toestemming van haar ouers nodig en dit kortwiek die bewaarwording van haar wens.

Wim se pa en ma se lewe is ook kompleks. Wim se ma word betrek by die studente se betogings. Hulle kla vir Sonja Vermaak aan vir menseregte-skending omdat sy vir

Harold, ’n mensgeraamte, in haar kunslokaal uitstal. Wim se pa kan nie sy vrou verdedig nie (hy is ’n advokaat) omdat hy die voorsitter van die Menseregtekommissie is wat ten doel stel om alle menseskendings te ondersoek.

### 4.2.2 Tema

Die tema is die onderliggende “onderwerp” – nie ’n kort samevatting van die storie nie, maar eerder ’n universele waarheid wat agter die waarheid skuil. ’n Tema is altyd universeel en is nie tyd-, ruimte- of karaktergebonde nie. Dit wil sê dit sal tot enige mens op enige plek in die wêreld spreek.

Bepaal, na die klasbespreking, wat die tema van *Die lewe volgens Wim Vermaak* is. Gee voorbeelde uit die teks waar die tema duidelik blyk.

Dit gaan oor omgee vir mekaar – doen aan mekaar soos wat jy aan jou gedoen wil hê. Ook die hoop vir aanvaarding van jouself en ook aanvaarding deur ander mense. Dit het begin by die onderwerp van die LO-taak: mense wat omgee – vir mekaar, hulle omgewing, hulle samelewing – maak dikwels ’n groot impak op die manier hoe ander hulle lewens uitleef. So moet daar noodwendig lewenskeuses gemaak word. Die onderwyser het voorbeelde genoem (mense wat omgee in gemeen gehad het): David Attenborough wat die planeet wou red; Moeder Teresa wat siekes versorg het en haweloses beskerm het; Mahatma Gandhi en Nelson Mandela wat op ’n vroeë ouderdom teen onderdrukking geprotesteer het.

Maddie se obsessie om Mars toe te gaan is omdat sy voel dat haar ouers nie omgee vir haar en Wim nie (hulle ma is skaars bewus van hulle bestaan en is net besorg oor Harold en haar studente; hul pa is min by die huis omdat hy altyd in die hof is). Maddie is op prestasie ingestel. Sy help nie vir Wim omdat sy omgee nie, maar om iets in ruil te kry. Sy gee tog om vir Ouma deurdat sy vir haar kos maak waarvan sy hou.

Wim vertel nie vir sy ouers van sy bekommernis oor die LO-taak wat nog gedoen moet word nie. Hy voel dat hy nie aanvaar word nie, want Maddie vaar so goed in die skool en presteer in debatskompetisies. Verder weet hy dat sy familie hom as ’n dromer

sien en nie as iemand wat prestasies najaag nie. Wim pas vir Ouma op omdat sy pa hom betaal het. Hy gaan tog saam met Ouma om Yusuf te ontmoet en besluit om haar te red van die misbruik van Yusuf (hy blok sy nommer op Ouma se foon na hy in die koerant gesien het Yusuf is gevang vir bedrog). Hy sê nie vir Ouma dat Yusuf gevang is nie; hy wil haar nie seermaak nie. Wim help sy pa en ma en steek vir Harold weg. Later help hy weer om Harold terug in die ateljee te kry.

Wim se pa hou daarvan om die kalklig te wees. Hy sien ook nie kans om sy vrou te help toe sy aangekla word vir menseregteskending nie. Uiteindelik bedank hy as voorsitter van die Menseregtekommissie en staan sy vrou by.

Wim se ma het vir Harold (wat vir haar baie belangrik is) in die kele van haar studente afgedruk. Sy het darem haar plig nagekom en haar ma na hulle toe laat kom totdat hulle vir haar ’n plek in die aftreeoord kry.

Ouma Hantie het haar kind (Wim se ma) se geheim bewaar en ook die boekie vir haar gehou. In ’n mate wou sy ook vir Yusuf help (tog menslik om ook geld te maak). Verder help sy vir Wim sonder om iets terug te verwag (soos Maddie en Freek).

### 4.2.3 Boodskap

Die boodskap is die onbewuste invloed wat daar van ’n goeie verhaal uitgaan. Dit hang saam met die kernidee, maar moet deel van die verhaal wees. Dit is die lewenswaarheid of -insigte wat uit die verhaal voortspruit (die les wat die leser uit die verhaal kan leer).

Watter lewenswaarheid kry ons deur Wim en sy gesin se wedervaringe? Motiveer jou antwoord deur voorbeelde.

Ouma Hantie sê dat omgee vir jou medemens by jou familie moet begin voor dit na die buitewêreld kan uitkring. Die boodskap in hierdie jeugroman is dat omgee deel van ’n mens moet wees. Jy moet eers vir ander daar wees voordat jy enigsins kan verwag dat ander vir jou moet omgee en help. Omgee bring geluk!

Die hele huisgesin was net op hulself ingestel: Pa was net besig met hofsake; Ma het haar kuns en studente (en ook vir Harold) gehad. Maddie en Wim was ingestel op hulle


eie lewe en drome (Maddie wou Mars toe gaan; Wim was verlief en het nie aandag gegee aan die realiteit van die LO-taak nie). Toe kom ouma Hantie en verander die dinamika van hulle huishouding. Maar deur Ouma en elkeen se probleme kom die opdrag van die LO-taak al sterker deur totdat elkeen in die huisgesin besef dat omgee by hulle as gesin begin. Eers daarna kan jy vir die gemeenskap iets beteken; en omgee van ander ervaar.

### 4.2.4 Intrige

Die web van ’n prosa-stuk word die intrige genoem. Dit is die patroon waarvolgens die gebeure in die verhaal aaneengeskakel word, m.a.w. hoe die gebeure die een ná die ander plaasvind en die ervarings of emosies van die karakters kompliseer. Die oorsaak en die gevolg van die gebeure speel ’n belangrike rol. Die intrige word dus die draer van die sentrale insig of lewensiening, die **tema**.

Drie struktuurelemente – **karakter, milieu (tyd en ruimte) en verteller** – bou aan hierdie web.

#### (a) Karakterbeelding




Deur karakterbeelding word die karakter aan die leser bekend gestel.


Indien dit ’n **uiterlike beskrywing** is, weet ons hoe die karakter lyk, hoe hy/sy handel, aantrek en vir ander mense lyk. Indien dit ’n **innerlike beskrywing** is, het dit te make met die karakter se temperament of aard, die manier waarop hy/sy die lewe sien of benader, en die wyse waarop die karakter ander mense en gebeure beoordeel: ligsinnig, ernstig, godsdienstig, suinig, vrolik, ens.

**Ons leer ’n karakter ken deur:**

- sy/haar houding, taal, handeling, gebare en besluite;
- wat die verteller van die karakter sê;
- wat ander karakters van hom/haar en van mekaar sê;
- wat die karakter self sê.

Soorte karakters: ’n **Plat karakter** (newekarakters) toon slegs een persoonlikheidsfaset aan die leser – sy optrede en reaksies sou dus voorspelbaar wees. **Ronde karakters** (wat die hoofkarakters insluit) openbaar ’n verskeidenheid van persoonlikheidsfasette, hul emosionele belewing van tyd en ruimte. Die ruimte om hulle is ryk geskakeerd en hul optrede en reaksies op gebeure kan oortuigend verras. Daar móét karakterontwikkeling in die roman plaasvind.

Gee ’n diagrammatiese uiteensetting van die karakters in hierdie roman.



Watter karakters in hierdie jeugroman, sou jy sê, is ronde karakters en watter is plat karakters? Motiveer.

Wim is die hoofkarakter – ons lei dit reeds uit die titel van die jeugroman af. Hy, maar ook sy familie (ouma, ouers en suster) ondergaan groei en ontwikkel dus as karakters. Dus almal ronde karakters.
Al die ander karakters is plat karakters en is nodig om die groei in die ronde karakters te laat plaasvind en die storie tot 'n geheel te vorm. Hulle ondergaan nie werklike groei nie en openbaar nie werklik ontwikkeling nie.

Die volgende karakteriseringstegnieke is van belang: **Beskrywing** (verteller of 'n ander karakter kan 'n persoon beskryf – soms in 'n lang paragraaf wat **blokkarakterisering** genoem word), **benaming** (soms het 'n karakter 'n tiperende naam), **handeling** (**uiterlike handeling** - die fisiese handeling soos gesigsuitdrukking, bewegings, gebare, dialoog, ens.; **innerlike handeling** – speel af in die gemoed van die karakter)**, dialoog** (karakter openbaar homself deur wat hy oor homself of van ander sê; en ook wat ander karakters van hom sê) **en innerlike monoloog/gedagtes** (skrywer probeer deur hierdie tegniek die onsamehangende assosiasies van 'n karakter se gedagtes weergee – ook genoem **bewussynstroomtegniek**).

Gee voorbeelde van die volgende karakteriseringstegnieke in hierdie jeugroman:

**Beskrywing**
Aan die begin van die roman word Ouma deur Wim beskryf – "Sy ouma is 'n lopende GoPro wat als raaksien en dan kommentaar lewer..." (p. 1). Dit is 'n lusmakertjie oor Ouma as karakter en die skrywer gee nie bloot net alles vir die leser weer nie; inteendeel, die res moet die leser uit haar handeling aflei.
Yusuf word ook in fyn besonderhede beskryf deur veral dit wat hy aanhet – "... 'n blas man in swart skinny jeans en skerppuntskoene . . . Hy glimlag breed en raak aan sy pet se rand, sy oë twee swart gaatjies in sy kop. Regte slangogies, en twee goue ringe aan

sy vingers en ’n tatoe wat by sy hempskraag uitsteek” (p. 131). Hierdie beskrywing is baie effektief om aan die leser weer te gee hoe Wim hom as ’n skelm sien.
Leerders kan eie voorbeelde gee.

**Benaming**

Die geraamte speel ’n belangrike rol in die roman – net soos Wim is die leser nuuskierig om te weet hoekom sy naam Harold is en wat die storie is oor hierdie mensgeraamte. Dit is asof Wim (en ook die leser) besef die geraamte het die konflik in die huis veroorsaak. Sy ma het die geraamte Harold genoem, na aanleiding van die verhoogstuk waarin sy gespeel het toe sy haar eerste liefde ontmoet het. Sy moes, met haar geliefde se vertrek na die buiteland vir studies, na die beendere kyk. Hy is egter in ’n vliegtuigongeluk dood. Sy het die beendere aanmekaar gesit en so het sy berusting oor sy dood gekry.
Kyk na ander goed gemotiveerde voorbeelde.

**Innerlike handeling**

Innerlike handeling kom die hele tyd by Wim voor. Die derdepersoonverteller vertel vir ons die verhaal deur die oë van Wim en daarom word die emosie wat hy voel beskryf. Ons leer Wim ken aan die begin waar hy die begeerte het om met iemand oor sy LO-taak te praat, maar hy besef dat hy dit nie vir iemand kan vertel nie, want almal dink hy is ’n dromer en dit sal bewys dat hy nie self sy probleme kan oplos nie (hy voel dat almal dink Maddie is die een wat presteer en realisties is).
Ons beleef ook, deur innerlike handeling, sy gevoel vir die nuwe meisie in sy klas. Ons besef ook dat hy tog voel dat sy hom nie raaksien nie en dat hy voel dat hy nie goed genoeg is nie. Hy groei as karakter, want aan die einde is hy die een wat in homself glo en beheer oor sy lewe neem.
Leerders kan eie voorbeelde gee.

**Uiterlike handeling**

Veral konfliksituasies word so beskryf.
Wim geniet dit dat die karakter in sy film (Jan-Jan) die internetboef (gespeel deur Pieter wat ’n oog op Jenny het) in die sand duik dat hy kruppel loop.

Wim gee vir Ouma nog sjerrie omdat hy besef sy begin spraaksaam raak en hy is nuuskierig om die Harold-storie te hoor.
Wim steek vir Harold weg sodat die media beriggewing doen dat die geraamte gesteel is sodat die polisie nie die geraamte by die huis kom haal nie. Hy en sy pa neem vir Harold weer die nag voor sy ma se verjaarsdag terug na sy ma se ateljee.
Leerders kan eie voorbeelde gee.

**Dialoog**
Deur die dialoog leer ons die gevoelens van die Vermaak-gesin ken. Problematiese situasies word beskryf en as leser besef ons dit moet op ’n manier opgelos word. Die dialoog aan die begin tussen Wim, sy ma en Maddie laat die leser besef dat Ouma se koms noodwendig konflik gaan bring.
Die dialoog wat Wim met Maddie en Freek oor die LO-taak het, wys vir die leser dat Wim benoud is en dat hierdie ’n belangrike aspek van die roman is.
Goeie gesprekke vind tussen Ouma en Wim plaas – die leser besef dat Ouma baie insig het en dat Wim ontwikkel om ’n omgeemens te wees.
Leerders kan eie voorbeelde gee.

Gee ’n karakterbeelding van die volgende karakters:

**Wim:**
Wim se familie glo hy is ’n dromer. Hy hou daarvan om op die agtergrond te wees – innemend. Hy voel aanvanklik minderwaardig teenoor sy gesin – nie so ’n uitstyger of ambisieus soos veral sy pa en sussie nie. Hy is ’n omgeemens – wil nie sy ma se naweek bederf nie omdat hy besef sy het ’n wegkomkans nodig (sal eerder sukkel en self regkom). Wanneer hy wel dinge uit selfsug of gierigheid doen, pla sy gewete hom – hy voel skuldig omdat hy nie vir ouma Hantie opgepas het nie (sy het bank toe verdwyn) omdat sy pa hom daarvoor betaal. Wim is ook naïef – hy weet nie wat is ’n “enetjie” wanneer Ouma vir hom daarna vra nie. Hy is vindingryk – hy red Ouma van Yusuf (sê vir Ouma hy moet opdaterings op haar foon doen; blok Yusuf nommer op haar foon en

verander sy nommer sodat Ouma se boodskappe nie by hom uitkom nie) sonder om haar te sê en haar onnodig seer te maak.

**Maddie:**

Maddie is baie avontuurlustig – sien kans om as deel van 'n span na Mars te gaan. Sy is slim en 'n uitstyger. Sy is selfsugtig en sal mense vir eie gewin gebruik – sal vir Wim 'n guns doen teen 'n prys. Tog gee sy om al maak sy asof sy nie omgee vir ander nie – maak vir Ouma kos soos sy daarvan hou wanneer haar ouers weg is.

**Ouma Hantie:**

Ouma Hantie het 'n sterk verbeelding en is baie dramaties. Sy is goedgelowig – glo in die goedheid van die mens en word dus so deur 'n internetboef verneuk. Sy is wys en gee om vir haar medemens – glo sy kan iets vir Yusuf doen om te help en help vir Wim sonder om iets terug te verwag. Na haar man se dood moet sy onafhanklik begin optree (Oupa het alles vir Ouma gedoen) en leer so om haar eie kop te volg.

**Pa (Dolf Vermaak):**

Dolf Vermaak is 'n suksesvolle advokaat en hou daarvan om in die kalklig te leef. Sy werk is baie belangrik vir hom, maar wanneer dit nodig is, staan hy agter sy vrou (en gesin) en sal enige iets doen om hulle te beskerm.

**Ma (Sonja Vermaak):**

Sonja Vermaak is 'n kunsdosent wat baie emosioneel kan wees. Sy hou vas aan herinneringe – sy veg vir Harold en gee haar werk op omdat sy voel dat sy onregverdig behandel word. Sy is hardkoppig en sal nie dit waaraan sy glo, opgee nie; die waarheid is vir haar belangrik en daarom sal sy haarself eerder benadeel en haar werk bedank, eerder as dat sy 'n leuen erken en die studente om verskoning vra.

**(b) Milieu**

**Milieu** is die **tyd** en **ruimte** waarin 'n verhaal afspeel:

- Tyd verwys na die tydperk waarin die verhaal afspeel – die historiese plasing van die verhaal.
- Ruimte verwys na die plek en omstandighede waar die handeling plaasvind.

**TYD:**

Die **tydsverloop van gebeure** kan as volg aangebied word:

- **Chronologiese opeenvolgende tydsverloop** is die normale opeenvolging van tyd (bv. soos die dae, weke of maande op mekaar volg)
- **Achronologiese of fragmentariese tydsverloop** is wanneer gebeure nie in die normale volgorde aangebied word nie (daar is tydspronge en terugflitse in die verhaal – bv. die hede en die verlede wissel mekaar af)

Die onderskeiding tussen **leestyd, verteltyd en vertelde tyd** is belangrik:

- **Leestyd** dui op hoe lank dit duur om 'n verhaal te lees. *Die lewe volgens Wim Vermaak* neem ongeveer 3 na 4 ure (dit kan langer duur wanneer dit hardop gelees word).
- **Verteltyd** is die tyd wat dit duur om die verhaal te vertel, m.a.w. die aantal blaaie van die geskrewe teks. *Die lewe volgens Wim Vermaak* beslaan 168 bladsye.
- **Vertelde tyd** is die tydperk waarin die gebeure afspeel. *Die lewe volgens Wim Vermaak* se vertelde tyd is ongeveer drie weke.

Bespreek die tydsverloop in hierdie jeugroman en motiveer deur gepaste voorbeelde te gee:

Chronologiese opeenvolgende tydsverloop is van toepassing in hierdie jeugroman.
Die verhaal begin met Sonja Vermaak se aankondiging aan haar kinders dat hulle ouma tydelik by hulle kom intrek (p. 1).
"Die volgende dag is ouma Hantie op hulle drumpel..." (p. 3).
"Die eerste paar dae is rof" (p. 5).
En so volg al die gebeure daarna op mekaar.

Alle gebeure uit die verlede vind plaas deur die woordewisseling tussen karakters (so word die verlede se legkaartstukke in plek gesit).

Stel ’n tabel op oor die vertelde tyd van hierdie jeugroman. Neem die volgende tabel as voorbeeld:

| | **DAG** | **GEBEURE** |
|---|---|---|
| 1. | “Ma kondig dit so terloops aan oor aandete.” (p. 1) | Ma Sonja sê dat ouma Hantie by hulle kom bly totdat sy ’n plek in die aftreeoord kry. |
| 2. | “Die volgende dag.” (p. 3) | Ouma kom by hulle aan; Wim trek stoepkamer toe. |
| 3. | “Die eerste paar dae is rof.” (p. 4) | Hulle pas moeilik aan met Ouma in die huis; Ouma verdwyn; Pa huur vir Wim om Ouma op te pas; Maddie vertel dat sy haar ouers se toestemming nodig het om Mars toe te gaan. |
| 4. | “Net toe dinge rustig begin raak . . .” (p. 10) | Ma kom met ’n geleende bakkie met Harold agterop by die huis aan. |
| 5. | “Sondag se middagete” (p. 14) | Hulle gewoonte is om almal op ’n Sondag saam kos te maak en te eet; Ma wil op hierdie Sondag niks van politiek hoor nie; Wim besef hy is anders as sy gesin. |
| 6. | “Maandagaand” (p. 18) | Sien op die televisie van die Menseregte-kommissie. |
| 7. | “Later die week.” (p. 21) | Ma noem dat sy en Pa Dolf die naweek weg gaan wees. |
| 8. | “Vrydagmiddag” (p. 22) | Wim help sy pa om die tasse in te pak; hulle maak aandete; Ouma drink enetjie”. |
| 9. | “Die volgende oggend ...” (p. 30) | Ouma slaap laat en het ’n babelas. |
| 10. | “Vanaand is dit mos Jupiter . . .” (p. 34) | Maandagaand – Maddie val van die dak af; pa in Bloemfontein; Wim soek na die LO-opdrag in Maddie se kamer en bel later vir Freek hieroor. |
| 11. | “Die volgende oggend . . .” (p. 44) | Maddie is terug by die huis; Ma sê Wim moet ’n ogie oor haar ook hou; hulle twee praat oor die LO-taak. |
| 12. | “Die Sondagkoerante . . .” (p. 48) | Die koerant berig oor die Menseregte-kommissie en ook hulle pa se betrokkenheid. |
| 13. | “Maandag is hulle ma vroeg tuis . . .” (p. 50) | Klasse is tydelik opgeskort oor betogings; Wim bied aan om vir Maddie op die dak te kry as sy sy LO-taak sal taalversorg. |
| 14. | “Dinsdagoggend voor skool . . .” (p. 53) | Wim praat met Freek oor sy taakvoorlegging; Ouma leer whatsapp-boodskappe stuur; kry |

| | | |
|---|---|---|
| | | boodskap van wildvreemde man (wil geld hê); hy begin werk aan sy draaiboek; Ouma raak weg; kry haar op pad terug van die bank af; vra vir Maddie hoekom sy Mars toe wil gaan; maak plan om Ouma se vriendin se nommer in die hande te kry (stig groepie waar hy drama-nuus kan plaas). |
| 15. | "Hy het nog nooit sy ma so boos gesien nie." (p. 77) | Ma word geskors; Ma en Pa stry oor die telefoon; Ma kry eie prokureur; Ouma kondig aan dat sy weer bank toe moet gaan; Pa sê hy kan nie sy ma help nie. |
| 16. | "Die volgende oggend . . ." (p. 83) | Ma gaan sien haar eie prokureur; Wim besef hulle het nie Ouma se vriendin gekontak nie; hy begin reëlings tref vir die oudisies die Saterdag; Maddie sê hulle moet iets doen aan die familie wat uit mekaar val; sy sê sy gaan dat Ouma haar toestemmingsbrief teken en Wim moet haar kry om dit te teken. |
| 17. | ". . . paar dae oor voor die oudisies." (p. 95) | Wim kry alles reg vir die oudisies. |
| 18. | "Woensdagmiddag . . ." (p. 97) | Bank laat weet Ouma dat Yusuf geld in haar rekening betaal het; Maddie lees haar lirieke van haar LO-taak voor; Maddie gee brief aan Wim wat Ouma moet teken; Ma sê sy moet Maandag voor die tugkomitee verskyn. |
| 19. | ". . . die volgende oggend . . ." (p. 105) | Menseregtekommissie se sake verskyn in die koerant; Harold se beendere gaan onder andere begrawe moet word; Yusuf betaal nog geld aan Ouma; hy wil Ouma ontmoet wanneer hy Kaap toe kom; Wim finaliseer sy draaiboek. |
| 20. | "Wim daag eerste by Freek se huis op . . ." (p. 109) | Saterdag en oudisies vind plaas; Freek lees Wim se draaiboek en sê dit is nie goed genoeg nie; hy besluit om Ouma se hulp te vra; Wim stuur boodskap aan Maddie om haar brief te kom haal; sê ook vir hom om iets te doen om Pa en Ma te help; sy sal hom help met taalversorging as hy iets kan doen; Ouma vra vir Wim om saam te gaan as sy Yusuf ontmoet. |
| 21. | ". . . dinge is stil dié Sondag . . ." (p. 124) | Hulle familie eet nie groot nie; Pa is in Bloemfontein. |
| 22. | "Maandagoggend . . ." (p. 125) | Ma verskyn voor tugkomitee; sy moet studente om verskoning vra; sy bedank; sy kry subpoena om voor Menseregtekommissie te |

| | | |
|---|---|---|
| | | verskyn; Ma sê vir Pa om huis te verlaat totdat subpoena teruggetrek word. |
| 23. | “. . . vertel nie sy ma . . .” (p. 131) | Wim en Ouma ontmoet vir Yusuf; Ouma se bril verdwyn; Maddie laat Ouma haar brief teken; hulle huis verskyn tydens die nuus op TV; Wim kry ’n oproep van sy pa. |
| 24. | “Die volgende oggend . . .” (p. 138) | Ma hoor nuusberig op motorradio – Dolf bedank as voorsitter van Menseregte-kommissie en geraamte is gesteel; Maddie sê dankie vir Wim; Wim en Freek gesels oor die nuwe draaiboek wat verfilm moet word. |
| 25. | “ . . . hulle vir ’n dag of twee weer op hulle eie gaan wees . . .” (p. 144) | Ouers gaan weer alleen weg tot Vrydag; Wim lees dat Yusuf aangekeer is; Wim blok Yusuf op Ouma se selfoon; hulle tydjie sonder hulle ouers verloop sonder enige insidente. |
| 26. | “ . . . pa hulle laat Vrydagmiddag terug ...” (p. 147) | Pa beplan Ma se verjaarsdag; Wim en Pa neem vir Harold terug na sy kapstok. |
| 27. | “ . . . Ouma is bedroef op sy ma se verjaarsdag.” (p. 149) | Ma is bly toe sy Harold weer sien; Ouma is hartseer omdat sy niks van Yusuf hoor nie; Wim maak sy film; Maddie kry ’n brief van Mars One af wat sê sy is op die lys na haar toestemmingsbrief; Ouma vertel vir Wim van sy ma en Harold. |
| 28. | “Onder ouma Hantie se hand . . .” (p. 157) | Verfilming verloop goed; Wim gesels met Jenny; Wim sny Freek-hulle se gras terwyl Freek die film aanmekaar sit; Wim vertel van sy voorgenome plan om Jenny na ’n fliek te nooi. |
| 29. | “ . . . die laaste Vrydag van die maand ...” (p. 162) | Die Bees beoordeel almal se take; almal slaag; hy vra vir Maddie om te gaan fliek (Freek en Maddie gaan saam); Ouma kry plek in die aftreeoord. |
| 30. | “ . . . besig op ’n Saterdag-oggend.” (p. 167) | Die vier gaan fliek; Jenny sê aan Wim dat sy bly is hy het haar fliek toe genooi. |

**RUIMTE:**

’n Mens kan eers werklik van **ruimte** praat as die plek óf deur die verteller, óf deur die karakters in die verhaal waargeneem word of daardeur beïnvloed word. Ruimte speel nie noodwendig in alle romans ’n bepalende rol nie. Dit kan ook ander ruimtes insluit wat in die loop van die verhaal opgeroep word. Dit kan herinneringe en vooruitwysings insluit. Dus nie daadwerklike ruimtes soos ’n skool of huis nie, maar psigiese ruimtes. Dit kan

dus in die kop van ’n karakter plaasvind en die plek waar hy hom dan bevind, is nie belangrik nie.

Noem die belangrikste ruimtes van hierdie jeugroman.

Die belangrikste ruimte is die Vermaaks se huis. Nog ander noemenswaardige ruimtes is die skool, Freek-hulle se huis waar die oudisies plaasvind en dan ook die koffiewinkel waar Ouma en Wim vir Yusuf vir koffie ontmoet. Die roman eindig waar Wim, Jenny, Freek en Maddie in die fliek sit.
Wim maak ook sy eie afleidings in sy gedagtes en werk aan sy eie oplossings op hierdie wyse. Hy beleef ook baie herinneringe. Sy gedagtes sluit in: dink aan die verskille tussen hom en sy gesin, wat hy dink van die grootmens-wêreld wanneer hy die rusies tussen sy ouers hoor, sy planne wat hy bedink om vir ouma Hantie te beskerm (kry vriendin se nommer in die hande en blokkeer vir Yusuf) en ook wanneer hy terugdink oor toe hy klein was (hy onthou hoe hy en Maddie mekaar bang gemaak het met stories van rowers wat grafte geplunder het en beendere stuk-stuk opgeveil het).

**(c) Verteller**

’n Verhaal veronderstel altyd ’n verteller – dit is NIE die skrywer NIE.

In ’n teks wat vanuit die **derdepersoonsperspektief** kommunikeer, verwys die verteller in beskrywings nie na ek/ons nie, maar na hy/sy/hulle. Die verteller is dus nie self ’n karakter in die teks nie (eksterne verteller) en kyk van buite na die gebeure. “Ek/ons” sal slegs in karakters se dialoog voorkom.

’n **Alomteenwoordige verteller** weet wat oral gebeur en weet hoe elke karakter voel. Hy kommunikeer vanuit die perspektief van die derdepersoon en is nie beperk deur tyd en ruimte nie. Hy is vertroud met alle gebeure en kan die karakters se gedagtes, emosies en gewaarwordinge aan die leser oordra.

In ’n teks wat vanuit die **eerstepersoonsperspektief** kommunikeer, verwys die verteller na ek/ons in beskrywings en in dialoog. Die verteller is dus een van die karakters. Die verhaal word slegs uit sy/haar gesigshoek vertel; dus weet hy/sy nie wat die ander karakters dink en voel nie, maar slegs wat hy/sy self waarneem of uit ander karakters se handelinge of optrede aflei.

Gee weer watter vertellerspektief in hierdie jeugroman van toepassing is en motiveer met voorbeelde.

’n Derdepersoonsverteller, wat die verhaal vir ons deur die oë van Wim belig, is van toepassing in hierdie jeugroman.
“Hulle ma kondig dit so terloops aan oor aandete” (p. 1).
“Dis vir Wim nie goeie nuus nie” (p. 1).
“Nee, dink Wim, dis nie heeltemal waar nie. Eerder: Hy het nie veel van ’n keuse gehad nie” (p.4)

Dink jy hierdie vertellersperpektief is ’n goeie keuse in hierdie roman? Gee redes.

Dit is ’n baie goeie keuse. Ons sien deur die verteller presies hoe Wim voel en leer al die ander karakters deur sy oë ken. Hy groei as karakter (met die hulp van ouma Hantie) en beïnvloed sy familie ook in die proses. Deur die woordewisseling van die ander karakters met Wim asook dit wat die verteller aan ons deurgee, lei ons as lesers die emosies van die ander karakters af. Dit is asof ons as lesers saam met Wim en sy gesin die pad na groei loop – die verteller maak die proses makliker omdat ons alles deur Wim se oogpunt waarneem.

### 4.2.5 Bou van die roman

’n Duidelike struktuur in die roman maak dit vir die leser sinvol om die storielyn en die boodskap te verstaan.

### (a) Eksposisie

Die leser neem kennis van die noodsaaklike besonderhede van die karakters, omstandighede, plek, ens.

Bespreek die eksposisie in hierdie jeugroman.

In hierdie roman kry die leser in die eerste drie hoofstukke al die inligting van die karakters, hulle omstandighede en neem die leser kennis van die belangrikste ruimte.
Wim en Maddie se ma vertel hulle van ouma Hantie se verblyf by hulle aan huis, die Vermaaks. Sy daag op en veral Wim moet 'n aanpassing maak in die nuwe omstandighede. Wim se pa stel hom aan om Ouma op te pas. Hy is nie baie gelukkig daaroor nie, want hy moet sy LO-taak (wat vir hom 'n groot bekommernis is) aanpak. Maddie vertel vir Wim van haar voorneme om Mars toe te gaan. Wim se ma kom by die huis aan met Harold, haar geraamte wat in die kunsklas gehang het. Advokaat Dolf Vermaak word as voorsitter van die Menseregtekommissie aangestel (hulle gaan talle sake ondersoek).

### (b) Motoriese moment

Die handeling van die roman word aan die gang gesit en dit veroorsaak die verdere gebeure in die roman.

Bespreek die motoriese moment in hierdie jeugroman.

Die Vermaak-ouers gaan vir die naweek weg (hoofstuk 4) en Wim en Maddie moet na ouma Hantie omsien. Wim kry dit reg om van Ouma inligting oor Harold (geraamte) en sy ma uit te vind na Ouma haar lekker oorgee aan die sjerrie wat Wim vir haar skink. Wim en Maddie skrik as Ouma die volgende oggend nie vroeg wakker word nie (hoofstuk 5). Na sy ouers terug is van die naweek, val Maddie van die dak af en moet hospitaal toe (hoofstuk 6). Hy gaan soek in haar kamer (in haar afwesigheid) na die LO-opdrag. Hy bel

ook vir Freek om te hoor waaroor die opdrag presies gaan. Maddie kom die volgende dag uit die hospitaal. Wim se ma vra dat Wim ook na sy suster moet omsien.

**(c) Ontwikkeling**

Verskeie gebeure vind nou plaas en die leser kan agterkom botsing is nou onafwendbaar.

Bespreek die ontwikkeling in hierdie jeugroman.

Wim begin plan maak om sy LO-taak aan te pak (hoofstuk 7). Hy vra Maddie se hulp – natuurlik in ruil vir sy hulp met haar missie om die sterre te sien. Die Menseregtekommissie kondig verskeie sake aan (bv. Waterfront se eerste besit as grond). Wim se ma kom by die huis aan met kartonboks vol kwaste en verf om by die huis te werk – die universiteit gesluit omdat studente betoog. Wim kry kans om aan die Bees (LO-onderwyser) sy taak te verduidelik (hy moes eers vir Freek sover kry om deel van sy span te wees) en verskeie klasmaats is bereid om deel van Wim se film te wees (hoofstuk 8). Ouma Hantie raak tegnologies slim en 'n vreemde man kontak haar vir geldelike hulp.

**(d) Krisis**

Vanweë teenstrydige opvattings (in die Vermaak-gesin en ook wat tussen lede en die buitewêreld gebeur) volg uiterlike en innerlike botsings. Dit laat die spanning in die roman verhoog.

Bespreek die krisis(se) in hierdie jeugroman.

Ouma verdwyn na die bank en deponeer geld in Yusuf se bankrekening (hoofstuk 9). Wim voel skuldig omdat hy nie vir Ouma dopgehou het nie. Wim begin aan sy draaiboek te werk. Wim maak 'n plan om Ouma se selfoon in die hande te kry (Maddie het haar geleer om 'n kode op haar foon te sit) sodat sy ma Ouma se vriendin kan vra om sin in

haar kop te praat om nie nog geld aan die Yusuf oor te betaal nie (hoofstuk 10 en 11). Maar met al die drama met Wim se ma, vergeet hulle hiervan. Wim se ma word geskors (word aangekla van die skending van menseregte) en deur die Menseregtekommissie gedagvaar. Yusuf wil nog geld by Ouma hê. Wim se ouers het woorde – Dolf Vermaak voel sy vrou moet die geraamte op gee en hy sê dat hy nie sy vrou kan help nie omdat hy die voorsitter van die Menseregtekommissie is (hoofstuk 12). Jenny noem aan Wim dat sy dalk nie tyd gaan hê om in sy film te speel nie. Hy vra haar egter om wel vir die oudisies te kom (hoofstuk 13). Die koerante is vol van Sonja Vermaak en haar mensgeraamte (hoofstuk 14). Maddie beplan om vir Ouma deel van haar plan om na Mars te gaan (toestemmingsbrief) te maak. Wim voel skuldig en sien nie kans om Ouma te misbruik nie. Wim se ouers is soos vreemdelinge vir mekaar (hoofstuk 15). Ouma sê aan haar huismense dat Yusuf wel geld in haar rekening betaal het. Maddie lees vir die huismense haar protesliedjie se woorde (hoofstuk 16). Sy bring die toestemmingsbrief vir Wim en sê hy moet dat Ouma dit teken. ’n Junior advokaatjie van die Menseregtekommissie gee weer dat hulle beslag gaan neem op alle mensbeendere (hoofstuk 17). Ouma sê Yusuf het nog geld in haar rekening betaal en hy wil haar ontmoet wanneer hy weer Kaap toe kom. Wim voltooi sy draaiboek. Die oudisies vind plaas (hoofstuk 17 en 18) en Freek wys vir Wim daarop dat sy draaiboek glad nie is wat hy aan die Bees voorgehou het nie. Wim hou ook nie daarvan dat Jenny en Pieter saam hulle oudisies hou nie. Wim besef dat hy sy draaiboek moet oordoen en besluit om vir ouma Hantie vir hulp te vra (hoofstuk 19). Wim besluit om nie vir Maddie met die toestemmingsbrief te help nie (hoofstuk 20). Hy sien sy ma se ongelukkigheid en wens hy kon iets doen om alles reg te maak. Hy begin aan sy nuwe draaiboek skryf.

**(e) Klimaks (hoogtepunt)**

Die botsings en die gevolglike spanning bereik breekpunt. Die karakters gaan moet keuses maak sodat daar ’n oplossing kan kom.

Bespreek die klimaks in hierdie jeugroman.

Sonja Vermaak se tugkomitee-saak loop nie goed af nie (hoofstuk 21) en sy ontvang ook ’n subpoena om voor die Menseregtekommissie te verskyn. Wim se ouers het weer woorde. Wim gaan saam met Ouma op ’n koffie-afspraak met Yusuf (hoofstuk 22). Die aand is Ouma se bril weg en Wim sien hoe Maddie met haar toestemmings-brief saam Ouma kamer toe is. Oproerige studente betoog voor die Vermaaks se huis en dit haal ook die aandnuus.

**(f) Ontknoping (afloop)**

Wending na die een of ander kant vind plaas. ’n Duidelike afname van die spanning word bereik (konflik word ontlont). So word ’n oorwinning behaal deur keuses wat deur die karakters gemaak is.

Bespreek die afloop in hierdie jeugroman.

Wim kry ’n oproep van sy pa met ’n plan om sy vrou te help (hoofstuk 23). Sy hoor oor die nuus dat hy as voorsitter van die Menseregtekommissie bedank het en dat Harold gesteel is. Freek lees Wim se nuwe draaiboek en hulle kom ooreen met ’n rolverdeling en waar die film geskiet gaan word. Wim lees in die koerant dat Yusuf gevang is (hoofstuk 24). Hy maak ’n plan om Yusuf op Ouma se selfoon te blok sodat Ouma niks meer van hom kan hoor nie. Wim en sy pa smokkel Harold terug na Sonja se ateljee en dit sien sy die oggend van haar verjaarsdag (hoofstuk 25). Wim en Ouma en al die akteurs werk hard aan die film. Freek sit die films aanmekaar terwyl Wim Freek se ouers se gras sny wat deel van hul ooreenkoms was (hoofstuk 26). Die deurgee van die projekte van al die leerders vind suksesvol plaas. Wim vertel aan Freek dat hy vir Jenny gaan uitvra. Freek en Maddie vergesel vir Wim en Jenny na die fliek (hoofstuk 27). Ouma kry haar plek in die aftreeoord.

### 4.2.6 Motiewe en simboliek

’n **Motief** is iets wat van tyd tot tyd in die loop van die teks na vore kom – meestal in ’n gewysigde vorm. Herhalende motiewe help om die verhaal saam te bind tot ’n eenheid. Motiewe kan soms ook simbole wees.

**Simbole** is konkrete voorwerpe wat ’n abstrakte idee of begrip duidelik maak.

In *Die lewe volgens Wim Vermaak* speel Harold, die geraamte, drama en toneelspel, die opstandigheid van die jeug (menseregte), die omgee tussen mense (of die gebrek daaraan) ’n belangrike rol deur die verhaal.

Bespreek in watter mate die genoemde herhalende motiewe vir jou ’n deurslaggewende rol in die sukses van die roman gespeel het en watter jy sou sien as simboliek? Motiveer jou siening duidelik met voorbeelde uit die roman.

Harold, die geraamte, is simbolies van ’n verlede van Sonja Vermaak waarvan sy nie afsluiting kan kry nie. Dit word ook die hoofrede hoekom die Vermaak-gesin almal geraak word deur teenspoed. Uiteindelik, wanneer die gesin begin besef dat omgee vir mekaar nodig is vir hul oorlewing, word Harold die gom wat hierdie familie heg. Die geheim wat Ma (oor Harold) met haar saamdra, word ook ontbloot en dit laat Wim uiteindelik ook verstaan hoekom sy ma so geheg is aan die geraamte.

Drama en toneelspel (en kunste) pas aan by die mens wat hom altyd voordoen en nie homself aan die wêreld ontbloot nie. Sonja Vermaak is ’n kunsdosent wat ’n geraamte aan haar studente blootstel. Hulle verstaan nie die simboliek (wat dit vir Sonja beteken nie) daarvan nie – heel moontlik omdat sy dit nie op ’n gepaste manier aan hulle verduidelik nie – en sien dit as menseregteskending omdat hulle ’n geraamte nie as motivering sien nie.

Die opstandigheid van die jeug (gooi dit oor die boeg van menseregteskending) is ’n aktuele motief. Die negatiewe sy hiervan word in die roman uitgebeeld – die dekadente optrede van die studente wys daarop dat hulle meegesleur word deur negatiwiteit en nie

deurdag oor alles dink nie (brand geboue af, boikot klasse, kla dosente aan). Dit wys uit dat daar verskillende denke oor die lewe is en dat daar dringend aandag geskenk moet word aan oplossings. Die jong advokaatjie (deel van die Menseregtekommissie) ondersteun hulle verkeerde sienings en veral die verkeerde optrede.
Die omgee tussen mense is deurentyd ’n motief – uiteindelik besef die hele gesin hoe belangrik omgee is vir oorlewing en geluk. Die liedjie, “Space Oddity”, van David Bowie is simbolies dat die mens eers sy eie gewoontes (aarde) moet opgee om te besef dat jy ander mense se sieninge sal respekteer en ook sal help waar jy kan (jy moet die ruimte kan betree). Maddie het dit aanvanklik nie so gesien nie – sy wou die ruimte betree omdat sy entoesiasties is om die aardse wêreld agter te laat (soek na geluk).

Leerders moet in klasgesprekke hulle eie opinies lug.

#### 4.2.7 Die slot

’n Roman se slot kan as volg wees:

- Met ’n **gelukkige slot** word die held en sy geliefde ver- of herenig. Die rooskleurige toekoms word voorspel en alle kwaaddoeners is uit die weg geruim.
- Met ’n **ongelukkige einde** besef elke leser dat die lewe nie altyd net mooi is nie en dat oorwinning en nederlaag deel van ’n mens se lewenspad is. So ’n slot stem ’n leser tot diep nadenke.
- ’n Verhaal met ’n **oop einde** gee die leser die geleentheid om self te besluit wat die uiteinde van die verhaal is.

*Die lewe volgens Wim Vermaak* het ’n gelukkige einde. Sou jy sê dat hierdie roman se einde in lyn is met wat die leser verwag en is dit volgens jou gepas?

Vir ’n jeugroman is dit baie gepas. Vandag se tieners moet veral met goeie uitkomste gestimuleer word. Veral met ’n tema soos omgee vir mekaar, is dit nodig dat daar uiteindelik ’n gelukkige einde is. Vir die leser voel dit op ’n stadium dat hierdie familie net

ongelukkigheid en teenspoed het. Die leser word ook bewus dat daar nie baie omgee in hulle geledere is nie. ’n Stelselmatige omdraai – veral in Wim omdat hy homself aan ouma Hantie blootstel – vind plaas. Die hele familie se oë gaan oop vir omgee vir mekaar (eers dan kan jy vir die wêreld begin omgee).

# 5. VRAE VIR BESPREKING EN VOORGESTELDE TOETSE

## 5.1 Langer vrae vir bespreking

Nasienriglyne is slegs vir hulp – daar is soveel meer wat bespreek kan word.

(a) Spreek jou uit oor die taalgebruik in die hele jeugroman (die verskil tussen die tieners – Wim en Maddie – en die volwassenes – Pa, Ma en Ouma; die aanvaarbaarheid van gemengde taal in so ’n roman se sukses).

Maddie en Wim praat gemengde taal (Engelse woorde tussen Afrikaans-sinne); ook wanneer een van hulle met die ander tieners praat. Dit is gepas, want dit is hoe tieners kommunikeer.

Die volwassenes praat suiwer Afrikaans. Wanneer daar ernstige gesprekke tussen Wim/Maddie met volwassenes is, sal hulle twee ook meer geneig wees om suiwer Afrikaans te praat. Dit wys op die respek vir die volwassenes.

(b) Gee jou siening van die lirieke van die lied van Maddie se groep vir hulle LO-taak. Tot watter mate is dit ’n weerspieëling van hoe Maddie oor die lewe voel?

*Die woorde is in protes teen gesag. Maddie sê dit gaan oor gesag wat nie mense keuses gun nie. Die mens, volgens Maddie, moet keuses gegee word om dinge te doen omdat hulle omgee. Sy kontrasteer eintlik wat die LO-taak vra – sy sê dat die mens uitgelos wil word en net sy eie lewe wil leef omdat hy van vryheid droom. Dit is ook wat die owerhede wil doen, en daarom moet die mens padgee – die ruimte in. Dit wil voorkom asof Maddie nie die tema van omgee en keuses nakom nie, maar die selfsug van die mens beklemtoon.*

(c) Indien jy kon kies, watter karakter sou jy wou wees en hoe sou jy anders opgetree het. Motiveer deur voorbeelde uit die roman te gee en dit na jou eie optrede aan te pas.

*Leerders moet eie sienings gee – leerders moet karakters ken en voorbeelde kan gee. Dit moet op die leerder self van toepassing gemaak kan word.*

(d) Bespreek die Vermaak-gesin as voorbeeld van 'n hedendaagse gesin in Suid-Afrika en die sukses van hierdie roman onder vandag se jeug.

*Bespreek dat vandag se huisgesinne besige tye beleef; ouers werk albei; kinders baie keer alleen by die huis; daar is nie altyd tyd vir kinders om oor hul probleme met ouers te gesels nie; kinders word onafhanklik grootgemaak en dit kan sukses waarborg in volwassenheid; gee tog om vir mekaar (ook vir ouers wat nie meer inkomste het nie).*

(e) Op die omslag kom 'n hond voor. Gee die voorbeelde waar 'n hond wel in die roman voorkom en verduidelik wat die belangrikheid is van hierdie hond in die tema van hierdie jeugroman.

*Bella die Boerboel het aan Harold geruik (toe Sonja hom van die universiteit af gebring het) en 'n plassie onder sy voete gemaak.*
*Bella het (toe Wim die kanthekkie oopgemaak het), na die plek waar Maddie van die dak afgeval het, gestorm asof hy die kwaaddoener daar soek. Bietjie later by Wim se voete kom lê.*
*Toe 'n bode die subpoena vir Sonja Vermaak by die huis kom afgee, het Bella geknor. Nadat Sonja die vel papier teruggegee het (geteken dat sy dit ontvang het), het sy vir hom gesê hy moet maak dat hy wegkom voordat sy die hek oopmaak en die hond op hom sit.*

(f) Bespreek die volgende gesegde: "Wysheid in grysheid" se belangrikheid in hierdie roman. Gee ook die ironie wat met ouderdom (Ouma Hantie) gepaard gaan – gesien uit die oogpunt van tieners.

*Ouma Hantie het by die Vermaaks ingetrek – almal het verontrief gevoel. Aanvanklik moes talle planne in werking tree om Ouma veilig te hou. Sy is eintlik bejammer – kan nie meer vir haarself sorg nie en veral toe hulle besef dat sy gemanipuleer word deur Yusuf, die internetboef.*

*Wim het al hoe meer besef dat Ouma tog wys is. Sy het Wim se ma verstaan en vir jare haar geheim bewaar en haar ondersteun. Sy het vir Wim begin help met sy draaiboek en die akteurs gehelp om gemaklik voor die kamera op te tree. Sy het nie vir Maddie kwalik geneem dat sy Mars toe wil gaan nie en dat sy haar handtekening vir die toestemmingsbrief valslik gekry het nie. Sy leer vir Wim en Maddie om eie verantwoordelikheid te neem (Maddie moet self haar ouers sê van die Mars-storie; Wim moet film ten beste daarstel); sy wys almal wat omgee is – alles omdat sy ervaring van die lewe het.*

## 5.2 Kontekstuele toetsvrae

1. Lees die aanhaling uit *Die lewe volgens Wim Vermaak* deur William Oosthuizen en beantwoord dan die volgende vrae:

> Die middag toe hulle by die huis kom hoef sy ma nie eens vir hulle te vertel hoe haar dag verloop het nie. Haar oë is rooi gehuil. Die bliksems, dink hy. En sy pa is nog nie terug van Bloemfontein nie.
>
> Maddie plak haarself neer in ’n leunstoel.
>
> “Wat het gebeur, Ma?”
>
> Hulle ma haal net haar skouers op.
>
> “So dinge het nie goed gegaan nie?”
>
> “Nee, Maddie, dit het nie. Ek het tien dae om formeel verskoning aan te bied aan al die studente wie ek so onsensitief behandel het deur ’n geraamte uit te stal, of ek word van my pos onthef.”
>
> Maddie snork.
>
> “Maar dis nonsens! Dis tog nie ’n misdaad net omdat ’n paar studente daaroor betoog nie?”
>
> “My prokureur is tevrede ons het gronde om te appelleer, maar ek wil nie aangaan met die storie nie. Dit maak my net siek, ek slaap nie meer nie. En môre is dit boonop weer in die koerante.”
>
> “So wat gaan Ma nou doen?”

1.1 Waar was Maddie se ma die dag en waarom moes sy daar wees? (3)

*Sonja Vermaak het voor die universiteit se tugkomitee verskyn. Studente het gaan kla dat sy ’n mens se geraamte by die kuns-departement uitstal. Dit het die studente ontstel en hulle dring nou daarop aan dat sy as dosent moet afgedank word omdat sy hulle menseregte geskend het. (B2)*

1.2 Maddie vra aan haar ma wat sy gaan doen. Wat was haar antwoord en watter redes voer sy aan? (2)

*Sy sê dat sy gaan bedank.*
*Sy sê dat sy moeg is vir betogende studente wat haar lewe versuur; sy noem dat sy meer geld gaan maak as sy haar eie skilderye verkoop. (B2)*

1.3 Wim en Maddie se pa is ’n advokaat, maar hulle ma het ’n ander prokureur gehad. Waarom het Wim se pa nie hulle ma in hierdie saak gehelp nie? (2)

*Daar was ’n belangebotsing omdat Dolf Vermaak die voorsitter van die Menseregtekommissie was en hy moet mense se regte beskerm. Sonja Vermaak is aangekla dat sy die studente se regte aangetas het en daarom kan hy nie haar kant vat nie. (B3)*

1.4. Watter deel van die boustrukture van die roman word deur hierdie aanhaling verteenwoordig? Gee weer wat in hierdie boustruktuur uitgewys word. (2)

*Klimaks – die botsings en gevolglike spanning bereik breekpunt. (B4)*

1.5 Die tema van die jeugroman gaan oor omgee.
1.5.1 Gee weer hoe Dolf Vermaak nie by die tema van die roman in hierdie aanhaling inpas nie. (2)

*Hy word gesien as ’n briljante advokaat, maar help nie sy vrou in haar nood nie. Hy is nie eers op die dag van haar tugverhoor by om haar te ondersteun nie. (B6)*

1.5.2 In watter opsig gee Dolf Vermaak (deur die roman) nie ondersteuning vir Wim nie? Gee ten minste twee voorbeelde. (5)

*Wim sien nie kans om met sy pa oor sy probleem met die LO-taak te praat nie (of raad te vra nie). Hy weet sy pa veral sien hom as ’n dromer en sal hom net kwalik neem dat hy nie vroeër met sy taak begin het nie.*
*Sy pa is ’n suksesvolle advokaat en ook baie uitstedig. Hy was nooit daar om aan Wim te bewys dat hy werklik omgee nie; ook nie om aan Wim te wys dat dit nie saak maak om ’n uitstyger te wees nie.*
*Kyk na ander menings van leerders (B5 & B6)*

1.6 Gee weer, na aanleiding van hierdie aanhaling, watter ooreenkomstige karaktereienskappe Maddie en haar ma het. Verwys na twee verskillende eienskappe en gee voorbeelde. (6)

*Beide is uitstygers – Sonja wou die beste uit haar studente haal en Maddie bereik net die beste met wat sy aanpak. Albei is hardkoppig – Sonja weier om die tugkomitee se vereistes na te kom en bedank eerder; Maddie het haar kop op Mars gesit en niemand gaan haar daarvan laat afsien nie. Albei is bietjie selfsugtig – Sonja neem haar man kwalik omdat hy haar nie wil help nie; Maddie gebruik mense vir haar eie gewin en sal niks doen sonder dat sy iets terugkry nie.*
*Kyk na ander sienings van die leerders (B3 & B6)*

1.7 Wim hoor uiteindelik die storie oor sy ma en Harold.
1.7.1 By wie hoor hy hierdie storie en by watter geleenthede? (3)

*By Ouma Hantie; die eerste naweek wat sy ouers weg is en Ouma te veel sjerrie gedrink het & toe Wim en Ouma oor die draaiboek gesels. (B2)*

1.7.2 Hoe het Harold aan sy naam gekom? (3)

*Wim se ma het in 'n verhoogstuk opgetree. 'n Mediese student het vir haar blomme op die verhoog gegooi. Hy het later oorsee gegaan en vir haar gevra om na 'n klomp beendere wat hy by sy professor gekry het, op te pas. Hy is in 'n vliegtuigongeluk dood. Sy het die beendere aanmekaar gesit en die geraamte Harold, na aanleiding van die verhoogstuk waarin sy gespeel het, gedoop. (B2)*

1.7.3 Ouma Hantie het nog 'n verweerde boekie van haar ma, maar sê aan Wim dat sy weet sy ma sal dit nooit van haar vra nie. Hoekom? (2)

*Ouma sê haar kind het heel geword toe sy vir Harold aanmekaar gesit het. Solank as wat Harold by haar is, het sy nie die boekie nodig nie. (B4)*

**Totaal: 30**

| BLOOM | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| VRAAG 1 | | 3 | | | | | 3 |
| VRAAG 2 | | 2 | | | | | 2 |
| VRAAG 3 | | | 2 | | | | 2 |
| VRAAG 4 | | | | 2 | | | 2 |
| VRAAG 5 | | | | | 4 | 3 | 7 |
| VRAAG 6 | | | 4 | | | 2 | 6 |
| VRAAG 7 | | 6 | | 2 | | | 8 |
| TOTAAL | | 11 | 6 | 4 | 4 | 5 | 30 |
| | | 17 | | | 13 | | |

2. Lees die aanhaling uit *Die lewe volgens Wim Vermaak* deur William Oosthuizen en beantwoord dan die volgende vrae:

> "Jy skuld my, onthou?"
> Maddie knik.
> "'n Edit, ja."
> Wim gaan sit op haar stoel en bekyk haar kamer. Soveel beter as sy stoepkamer. Gaan hy ooit weer in die huis bly?
> "Daai skip het geseil, ek het iets anders nodig."
> "Soos in?"
> "Jy ken vir Jenny?"
> "Natuurlik ken ek vir Jenny, sy's mos in ons klas. En sy was in jou fliek. Hoekom so 'n dom vraag?"
> "Is julle vriende?"
> "Soort van, nie direk nie, maar ... waarom vra jy?"
> "Dis wat ek wil hê jy moet doen ..."
> "Maddie luister aandagtig, knik dan haar kop."
> "Consider it done."
> Sy glimlag.
> "Terloops, ek het Ouma vertel van die brief wat sy geteken het, voor sy self uitvind en 'n scene maak."
> Wim kan dit nie glo nie.

2.1 Hoekom bly Wim in die stoepkamer en hoekom wonder hy of hy ooit weer in die huis gaan bly? (3)

*Hulle ouma het by hulle kom bly en sy bly nou in sy kamer. Hy moes in die stoepkamer intrek. Sy ouers sou vir haar plek in die aftreeoord kry, maar daar het soveel goed gebeur dat dit vir hulle lyk asof sy vir altyd by hulle gaan bly. (B1 & B2)*

2.2 Wat vra Wim van Maddie? Wie was nog almal hierby betrokke? (2)

*Hy vra vir haar om hom te help om vir Jenny fliek toe te neem (sy moet saam met hulle gaan).*
*Freek gaan ook saam met hulle die fliek bywoon. (B2)*

2.3 Hoekom dink Maddie is dit belangrik dat Wim hoor dat sy vir Ouma van die brief vertel het? (2)

*Wim het geglo dit is nie reg dat Maddie vir Ouma gejok het oor die brief wat sy geteken het nie (sy het 'n toestemmingsbrief getek sodat Maddie saam na Mars kan gaan en*

*sy het vir haar Ouma gesê dat dit oor skoolwerk gaan). Wim het vir Maddie gevra hoe sy met haar gewete kan saamleef. (B3)*

2.4 Wat was Ouma se reaksie op Maddie se bekentenis? (2)

*Sy sê Ouma sê dat Maddie dit self vir haar ouers moet vertel, want sy gaan dit nie doen nie. Sy gaan ook nie vir Maddie probeer stop om na Mars toe te gaan nie, want 'n mens mors nie met iemand anders se drome nie. (B3)*

2.5 **KIES DIE KORREKTE ANTWOORD.** Hierdie aanhaling is 'n voorbeeld van die . . .

A. ontknoping
B. klimaks
C. motoriese moment
D. verwikkeling (1)

*ontknoping (B5)*

2.6 Gee weer watter van die karakters in hierdie aanhaling ronde karakters is en watter is plat karakters. (2)

*Wim, Maddie en Ouma is ronde karakters. Jenny is 'n plat karakter. (B4)*

2.7 In hierdie jeugroman word die storiegegewens deur 'n derdepersoons-verteller aan die leser oorgedra.

2.7.1 Hoe weet die leser dit? (1)

*In die beskrywings word daar na die karakters as hy of sy verwys. (B4)*

2.7.2 Gee weer of jy dink dat hierdie vertellerperspektief die regte keuse vir vir hierdie roman is. (4)

*Die verteller vertel die storie deur die oë van Wim. Maar hierdie karakter weet nie van die ander karakters se emosie nie en hy weet ook nie wat hulle dink nie. Dit is goed, want hierdeur beleef ons as leser die groei saam met Wim. Wim sien ook hoe sy familie groei omdat hulle almal leer uit die konfliksituasies en lesse. Kyk na leerders se antwoorde. (B3 & B5)*

2.8 Verduidelik hoe beide Wim en Maddie die tema van hierdie roman in die aanhaling uitleef. (4)

*Maddie is bereid om vir Wim met 'n guns te help (sy het aanvanklik gesê sy sal hom help met die taalversorging van sy draaiboek). Sy het ook vir Ouma die waarheid vertel omdat sy haar ouma respekteer en vir haar omgee.*

*Wim het vir Maddie en sy ouma omgegee en wou daarom hê Maddie moet die waarheid vir Ouma vertel. Wim weet verder dat Maddie die beste vir hom gun en daarom vra hy haar om te help om vir Jenny uit te vra fliek toe – hy sou ook vir die kaartjies betaal. (B3 & B5)*

2.9 Wie is die hoofkarakter(s) in hierdie roman? Gee redes vir jou antwoord. (4)

*Wim.*
*Die titel wys dit – Die lewe volgens Wim Vermaak.*
*Die verteller gee vir ons al die wel en weë van die Vermaak-gesin deur die oë van Wim deur.*
*Wim is die karakter wat die meeste groei toon, maar ook meer aanvaarding vir homself en vir sy familie kry.*
*Kyk na ander menings van leerders. (B3 & B4)*

2.10 Watter karakter, volgens die karaktereienskappe, se rol sou jy wou vertolk indien daar 'n film oor die roman gemaak word en jy word 'n rol aangebied. Bespreek deeglik in 'n paragraaf van ongeveer 80 – 100 woorde. (5)

*Eie antwoord – kyk na karakter, die karaktereienskappe, leerder moet beskryf watter eienskappe by hom/haar pas. (B3 & B6)*

**Totaal: 30**

| **BLOOM** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **6** | **TOTAAL** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VRAAG 1** | **2** | **1** | | | | | **3** |
| **VRAAG 2** | | **2** | | | | | **2** |
| **VRAAG 3** | | | **2** | | | | **2** |
| **VRAAG 4** | | | **2** | | | | **2** |
| **VRAAG 5** | | | | | **1** | | **1** |
| **VRAAG 6** | | | | **2** | | | **2** |
| **VRAAG 7** | | | **2** | **1** | | **2** | **5** |
| **VRAAG 8** | | | **2** | | **2** | | **4** |
| **VRAAG 9** | | | **3** | **1** | | | **4** |
| **VRAAG 10** | | | **2** | | | **3** | **5** |
| **TOTAAL** | **2** | **3** | **13** | **4** | **3** | **5** | **30** |
| | **18** | | | **12** | | | |

**BRONVERWYSINGS:**

Department of Basic Education. 2011. *Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV), Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring*, *Afrikaans Huistaal*, Graad 7-12. Government Printing Works.

Esterhuyse, J., Pienaar, J., Gouws, R., Botha, K. En Links, T. 1995. *Ruimland 9 & 10.* Kaapstad. Maskew Miller Longman.

Flink Stories. September 2020. *Hulle deel 'n passie om boeke vir kinders te skryf.* Besoek: 15 Desember 2020. https://www.bargainbooks.co.za/wp-content/uploads/2020/09/Onderhoud-met-William-Oosthuizen-in-Sept-uitgawe-van-FAK-Flink-tydskrif.pdf

Norton, C. 2020. *Die lewe volgens Wim Vermaak: 'n onderhoud.* Besoek: 14 Desember 2020. https://www.litnet.co.za/die-lewe-volgens-wim-vermaak-n-onderhoud/

Ras, B. 2015. *Formele letterkunde-onderrig van Afrikaans Huistaal: Die impak van literêre kenmerke van die drama, roman en poësie op die boodskap.* Government Printing Works.

S.A. Vryskutskrywer se Blok. 2020. *10 Elemente vir 'n geslaagde roman.* Besoek: 12 Desember 2020. https://savryskutskrywer.wordpress.com/2020/08/11/10-elemente-vir-n-geslaagde-roman/

Scholtz, P.W., Vorster, M.E. 2012. *Viva Afrikaans Huistaal*. Florida. Vivlia Publishers & Booksellers